# Proefskrifbespreking

JL Hattingh – Pretorius, SP 1986. *Die kerkvereniging van 1885 – Sy aanloop en mislukking* ... 567

# Boekbespreking

E Engelbrecht – Van Bruggen, J 1984. *Ambten in de apostolische kerk: Een exegetisch mozaïek* ... 577
DJ Smith – Thurian, M (ed) 1986. *Churches respond to B E M: Official responses to the 'Baptism, eucharist and ministry' text, Vol II* ... 579
PC Potgieter – Oberholzer, JP 1986. *Die Heidelbergse Kategismus: In vier teksuitgawes, met inleiding en teksvergelyking* ... 581
JGM Storm – Neuhaus, RJ 1986. *Dispensations: The future of South Africa as South Africans see it* ... 582
PB Boshoff – Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986. *Kerk en samelewing: 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk* ... 584
B Spoelstra – Van Wyk, DJC 1985. *Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 'n Verantwoording* ... 589
WS Vorster – Louw, JP, Vosloo, W & Webb, VN 1985. *Die taal van die Bybel en die predikant* ... 590
E van Eck – Louw, JP (ed) 1986. *Sociolinguistics and communication.* ... 592
PJT Koekemoer – Engelbrecht, B (Wits) 1986. *Die tweeheid van kerk en staat* 597
DJC van Wyk – Du Preez, J, Pauw, CM & Robinson, PH 1986. *Sendinggenade: Feesbundel vir WJ van der Merwe* ... 603
RM Naudé – Heyns, JA 1986. *Teologiese etiek 2/1* ... 606
JMG Storm – Van Wyk, JH & Vorster, JM (red) 1985. *Altyd reformeer: Besinning oor politiek en godsdiens* ... 610
HG van der Westhuizen – Robinson, PJ & Botha, JG (red), 1986. *Wat is sending?* ... 612
HG van der Westhuizen – Van der Waal, C 1985. *Die wêreld is ons woning: Christelike kultuurtaak* ... 616
MJ du P Beukes – Van Eeden, IJ & Smuts, M 1986. *Kerkspieël II* ... 618
JC de Lange – Froise, M (ed) 1986. *South African Christian Handbook 1986/87* ... 622
AJG Dreyer – Van der Walt, IJ 1986. *Die Evangelie aan afgedwaaldes* ... 623
LC Bezuidenhout – Van der Walt, BJ 1987. *Bybelse verrassings oor die vrou* 626
APJ Beukes – Van der Walt, T 1986. *Bible studies on the kingdom of God* ... 628
JC van der Merwe – Floor, L 1986. *'n Lamp vir almal in die huis* ... 629

# Proefskrifbespreking

**Pretorius, SP 1986 – Die kerkverenings van 1885 – Sy aanloop en mislukking**

Ongepubliseerde D D-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof AD Pont

**Resensent: Prof JL Hattingh**

As onderwerp behels die kerkvereniging van 1885 veel meer as net 'n historiese feit. Alles wat daarmee gepaard gaan, stel besonder hoë eise aan navorser en resensent. In die eerste plek is albei lidmate van dié kerk wat destyds sentraal in die branding van die gebeure gestaan het. As sodanig beweeg hulle in, en vorm hulle ook deel van die atmosfeer van jarelange interkerklike spanninge, gevoed uit die treurige nasleep wat die onderhawige mislukte poging tot 'n kerkvereniging gehad het. Om dus die nodige kritiese ingesteldheid te verkry en die objektiewe oordeel en perspektief te behou, is veel gevra. Wesenlik is dit die maatstaf waaraan hulle gemeet moet word. Want juis die huidige tydsgewrig waarin weer voortdurend aangedring word op hernude kerklike eenwording, asook die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in die mislukking van die 1885-poging sy eie historiese voortbestaan sien, maak hul objektiwiteit nie sommer vanselfsprekend nie.

Desondanks het die outeur, heel lofwaardig, grootliks daarin geslaag om 'n afstand tussen hom en die onderwerp te skep en dit ook te handhaaf. Om dié rede is die proefskrif meer as net 'n verdedigings- of regverdigingsgeskrif. In der waarheid is dit 'n uiters waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis – meer bepaald ten opsigte van die kerklike eenheidsproblematiek. Dit sal die Interkerklike Kommissie dus loon om wel deeglik daarvan kennis te neem.

## OORSIG

Die studie beslaan goed seshonderd getikte bladsye en is in 'n heel gerieflike, klein boekformaat gebind. Die inhoud, kronologies-ontledend saamgestel, val in drie dele uiteen – die aanloop, verloop en afloop van die kerkvereniging. Elkeen van hierdie selfstandige gedeeltes is weer opgebou uit verskeie hoofstukke, wat vir elke afsonderlike afde-

ling telkens van een af genommer is, terwyl elke hoofstuk weer 'n aantal onderafdelings het. 'n Gepaste samevatting sluit elke hoofstuk af.

Die probleemstelling word in 'n kort, inleidende hoofstuk geskets. Met die vestiging van die Voortrekkers in die Oorvaalse gebied vat 'n kerklike onafhanklikheidstrewe pos. So bring hulle tot stand die Nederduitsch Hervormde Kerk, die staatskerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek, waarvan die Gereformeerde Kerk in 1858 sonder veel drama afskei. Met die koms van ds F Lion Cachet in die sestigerjare word op verskeie plekke in die land ook Nederduits Gereformeerde gemeentes gestig wat, ofskoon dit nie deel was van nie, tog in noue verbintenis met die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie gestaan het en die Nederduitsch Hervormde Kerk na die kroon gesteek het. Vir 'n baie klein bevolking was daar toe drie kerke wat op dieselfde belydenisgrondslae gestaan het.

Hoofstuk I van Afdeling I skets die eerste poging om 'n kerklike eenheid te bewerkstellig ten einde die heersende onderlinge wrywing te besleg. Hoofstuk 2 verstrek as agtergrond die staatkundige geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, wat uitloop op die Shepstone-anneksasie van 1877, beklemtoon die onderskeie kerke se houding teenoor die gebeure en veral hoe die Eerste Vryheidsoorlog 'n Afrikaner-nasionalisme tot bloei laat kom het.

Juis hierdie nuutgevonde Afrikaner-nasionalisme, 'n politieke samehorigheidsgevoel, word in Afdeling II die katalisator. Hoofstuk 1, die korste in die boek, dui op die gesindheidsverandering wat sedert die anneksasie tussen die drie kerke onderling ingetree het. Die belangrikste gevolg was die groeiende begeerte om ná die oorlog een kerk te word. Op soek na hierdie eenheid, vind selfs verskeie plaaslike onderhandelinge plaas. Ook die politici en die pers bepleit, ter wille van die staat, 'n kerklike samehorigheid.

Om die weg voor te berei, in die tweede hoofstuk, kom die voorlopige onderhandelinge op sinodevlak aan die beurt. En in hoofstuk 3 word die daaropvolgende kardinale ontmoetings van die twee kerklike kommissies, aan wie die opdrag toevertrou was om die knoop deur te haak, bespreek. Die hele hoofstuk 4 beoordeel die werksaamhede van hierdie kommissies; vestig die aandag op die argelose houding van sowel die Nederduitsch Hervormde Kerk se afvaardiging as hul Algemene Kerkvergadering. Daarteenoor, ofskoon arrogant, heers daar groter nugterheid by die Nederduits Gereformeerde Kerk-afvaardiging. In Hoofstuk 5 volg die resultaat: die daadwerklike kerkvereniging van 1885.

In Afdeling III word die gebeure ná die kerkvereniging ontleed. Volgens die outeur is twee belangrike foute begaan. Hoofstuk 1 wys op die aanvanklike verbrokkeling van die Verenigde Kerk toe die Konsulentsgemeente van Pretoria, reeds 'n weerbarstige gemeente, nie tot die eerste Algemene Kerkvergadering van die nuwe kerk uitgenooi is nie – waarmee die Nederduitsch Hervormde Kerk wetlik bly voortbestaan. Die tweede was toe die naam vir die nuwe kerk gekies is – dit het 'n groep ontevrede lidmate wat die naam 'Hervormd' wou handhaaf, die Prokurasie-kommissie laat daarstel. So het drie groepe tot stand gekom wat op dieselfde kerkeiendomme aanspraak gemaak het. Hoofstuk 2 behandel dan vervolgens die stryd wat in elke gemeente oor die eertydse Hervormde kerkeiendomme ontbrand het. In die derde en finale hoofstuk van die afdeling, myns insiens die beste van die boek, word dan die redes nagegaan vir die mislukking van die kerkvereniging.

## RESULTAAT

Na 'n deeglike studie van al die gebeure en standpunte, kom die outeur in die laaste hoofstuk tot die gevolgtrekking dat die kerkvereniging van 1885 in werklikheid misluk het. 'n Dekade na die vereniging was sake weer soos voorheen – behalwe dat die Nederduitsch Hervormde Kerk wat sy aantal lidmate betref toe swakker daaraan toe was. Die skrywer begrond sy bevinding, naamlik dat die kerkvereniging 'n mislukking was, op die volgende argumente (bl 603–611).

1. Hy beskou die totale afwesigheid van 'n kerklik-teologies beredeneerde onderbou wat tot 'n kerkvereniging kon gelei het, as die belangrikste rede. Deur staatkundig-politieke behoeftes, soos volkseenheid, voorop te stel, is alles daaraan opgeoffer. Daar is oorhaastig te werk gegaan en talle struikelblokke is eenvoudig geïgnoreer.
2. Die onderskeie Algemene Kerkvergaderings se eiegeregtige optredes was die tweede groot rede. Lidmate en gemeentes, wat die werklike kerkverteenwoordiging uitmaak, is nooit in die proses van eenwording geken nie. Gevolglik was van die besluite wat geneem is, onwetlik.
3. Veral die Nederduitsch Hervormde Kerk se Algemene Kerkvergadering moet veel van die blaam vir die mislukking dra. Hulle optrede was argeloos, oorhaastig en oppervlakkig, met 'n ernstige gebrek aan insig. Die wese van hul eie kerk is verloën toe hulle in die onder-

handelings nagelaat het om belangrike historiese eienskappe van hul kerk te beskerm. Buitendien kenmerk hul optredes in die meeste gevalle 'n besondere mate van toegeeflikheid.

4. Die houding en optrede van diegene wat die Nederduits Gereformeerde Kerk verteenwoordig het, was 'n ander belangrike faktor. Veral 'n persoon soos ds HL Neethling was voortdurend hovaardig teenoor alles wat die Nederduitsch Hervormde Kerk gekenmerk het. Grootliks deur sý toedoen is met die vasstelling van die Verenigde Kerk se leer, die legitimasie-akte en die predikante se ondertekeningsformulier, voorkeur verleen aan die tekste van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Dit het onder Hervormers die agterdog gewek dat 'n kerk-oorname, eerder as 'n werklike vereniging van twee gerespekteerde kerke bewerkstellig is. Die outeur maak selfs die aanklag dat die hele aangeleentheid nie met eerbare bedoelings gevoer is nie (bl 311).

   Hierby sluit aan die rol van dié predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk wat hul opleiding te Stellenbosch ontvang het. Onder invloed van die pers sou hulle verraad teenoor dié kerk gepleeg het, wat vir hul lewensonderhoud verantwoordelik was. Hulle het gemene saak met die Nederduits Gereformeerde predikante gemaak ten einde die kerkvereniging so spoedig moontlik deurgevoer te kon kry.

5. Die werklike teologiese verskille tussen die kerke is heeltemal misken. Met uitsondering van die gesprekke rondom die *colloquium doctum* was alle verdere onderhandelings teologies amateuragtig en ondeurdag. Eers ná die vereniging sou die werklike verskille op die voorgrond tree.

6. Die emosionele lading van die naam 'Hervormd' is onderskat. Daarmee het die Nederduitsch Hervormde lidmate 'n bepaalde onafhanklikheidsgevoel uitgedruk, wat ten beste na vore getree het toe die naam Nederduitsch Hervormd of Gereformeerd as die verenigde kerk se nuwe naam aanvaar is. Met behoud van die naam 'Hervormd' het van die lidmate gehoop om nog die ou karakter van hul kerk te handhaaf.

7. Die nuwe kerk se bepaalde ingesteldheid teenoor die Konsulentsgemeente was deurslaggewend. 'n Deur is vir die ontevredenes oopgelaat.

8. Die hele kerkvereniging het 'n kontensieuse saak geword, met twee opvattinge oor wat eintlik bereik is. Om heel uiteenlopende redes het beide die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk en die

Konsulentsgemeente aanvaar dat 'n nuwe kerk tot stand gekom het. Eersgenoemde het daaronder verstaan die opheffing van die Nederduitsch Hervormde Kerk en laasgenoemde dat hulle die wettige voortbestaan daarvan verseker het. Daarteenoor het die Prokurasiekommissie en ds NJ van Warmelo die standpunt gehuldig dat alles net voorlopig was tot tyd en wyl oor die naam van die kerk beslis is – in die stellige verwagting dat dit 'Hervormd' sou bly.

9. In die laaste instansie was daar 'n bydraende faktor – die ontdekking van goud. Uit die Kaapkolonie het 'n groot aantal Nederduitse Gereformeerde lidmate hulle, ná die kerkvereniging, in die Zuid-Afrikaansche Republiek kom vestig. Hulle het weinig begrip of aanvoeling gehad vir die politieke, kulturele en teologiese agtergrond en stryd van die Nederduitsch Hervormde Kerk of vir die handhawing van die kerk. Vir hulle was die kerkvereniging eenvoudig 'n voortsetting van die kerk wat hulle geken het. Hul oorwig het ou Nederduitsch Hervormde lidmate skepties en wantrouig gemaak en hul laat terugverlang na hul ou kerk.

## KRITIEK

Die resensent was voortdurend bedag op moontlike bevooroordelings, vooraf-ingenome standpunte of bloot verdedigende vertolkings ten einde die eie kerk se standpunte te regverdig. In dié opsig die volgende:

Die rol en houding van die gewone lidmate word onderskat. 'n Mens vind dit moeilik om te aanvaar dat die kerkvereniging oor jare deurgevoer is sonder dat die lidmate iets daarvan geweet het (vgl bl 330 verw 27). Weliswaar het die lidmate nooit in eie gemeenteverband die geleentheid gekry om oor die meriete of wenslikheid van die kerkvereniging te debatteer nie, maar dit is nie 'n verskoning vir hul onkunde of stilswye nie – bloot 'n punt geldig in 'n hof. Die handelings van die Algemene Kervergaderings, asook die verslae van die verskillende kommissies, is voortdurend gepubliseer en in die pers gerapporteer – trouens, die pers word juis as 'n belangrike drukgroep beskou. Lidmate het egter hul plig versaak deur na te laat om verantwoordelike persone tot verantwoording te roep. Die vraag is of hierdie houding te wyte is aan 'n algemene begeerte tot vereniging, ongeag die prys, of bloot aan onverskilligheid, onbetrokkenheid en 'n valse vertroue in die leiers.

Met voorgaande hang saam 'n aspek wat myns insiens in die geskrif nie voldoende beredeneer is nie, naamlik die aantal lidmate ter sprake.

Aanvanklik word dit gestel dat die Nederduitsch Hervormde Kerk, synde die staatskerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek, oor die meeste gemeentes en dus ook oor die meeste lidmate beskik het (bv bl 381). Selfs ten tye van die werklike vereniging in 1885 was daar nog in dele van die land geen Nederduits Gereformeerde gemeentes nie. Die werklike getalle word egter nooit vermeld nie (vgl bl 461–462). 'n Mens weet ook nie hoeveel lidmate inderdaad hul die kerkvereniging laat welgeval het nie. Slegs wanneer gehandel word oor die totstandkoming van die Prokurasiekommissie word daar hoegenaamd enige syfers verstrek. Dit bring twee belangrike punte na vore:

Hierdie getalle-oorwig ten gunste van die Nederduitsch Hervormde Kerk sou in 'n eventuele samesmelting, vir die kleiner aantal Nederduits Gereformeerde lidmate die bedreiging ingehou het dat hulle deur die Hervormers verswelg sou word. Gesien die vroeëre geskille tussen die kerklui, moes dit natuurlik die Nederduits Gereformeerde Kerk op hul hoede stel en tot groter versigtigheid maan. Dit verklaar al grootliks die aggressiewe houding van die Nederduits Gereformeerde afvaardigings.

Terselfdertyd het die getalle-oorwig by die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n oormaat selfvertroue in die hand gewerk – die Nederduits Gereformeerde Kerk sou mos by hulle moes aansluit en Hervormd die naam bly – vandaar die eerste toenadering tot vereniging en die besonder toegeeflike houding (vgl bl 42 verw 84).

Met die Hervormde Kerk se gelate aanvaarding van die beginsel dat predikante deur die Kaapse Sinode gelegitimeer word en daarmee hul vroeëre onafhanklikheid prysgee, kom die outeur tot die gevolgtrekking dat die groter Nederduitsch Hervormde Kerk deur die Nederduits Gereformeerde Kerk 'ingesluk' is – 'kerkroof' noem hy dit elders. Vir die roof is bepaalde leiersfigure in Nederduits Gereformeerde geledere die sondebokke en die ouderlinge wat nie die nadeel daarvan besef het nie, word verwyt dat hulle hul kerk in die steek gelaat het.

Wat dus nooit aan die lig kom nie, is die destydse uiters kwesbare posisie van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Met die Zuid-Afrikaansche Republiek as die enigste staat waarin dié Kerk bestaan het, het dit beteken dat alle nuwe intrekkers aan ander kerke behoort het of hulle na die Transvaalse omstandighede moes skik. Selfs in die behoefte aan predikante kon daar nie voorsien word nie. Dié het uit twee bronne gekom: Stellenbosch (Ned Geref Kerk) en Holland (Nederlandse Hervormde Kerk). Predikante afkomstig uit laasgenoemde bron sou vir hulle verkieslik wees, maar was veel moeiliker bekombaar. Om dus

onder die omstandighede 'n eie karakter te handhaaf, was 'n wesenlike probleem.

Nie soseer getalle nie, maar die hoër ontwikkelingspeil van veral die latere intrekkers uit die Kaap was in dié jare 'n belangrike faktor. Dit verklaar hul meerderwaardige en hovaardige houdings. Die Hervormde Kerk het net nooit die viool gespeel en die Nederduits Gereformeerde Kerk laat dans nie. Na die 1877-anneksasie het die gaping tussen die twee groepe aansienlik vernou. 'n Bepaalde interafhanklikheid is in Afrikanergeledere ontdek. Die een groep het die militêre sekuriteit gereflekteer (die Transvalers) en die ander groep (Kaapse Afrikaners) die gemeenskaplike teenstander (Engelse) se kulturele gelykes. Vir baie eertydse Hervormde lidmate (die aantal is onbekend) was die kerkvereniging nie soseer 'n Nederduits Gereformeerde kaping nie, as 'n eie opoffering om gestalte te gee aan die eietydse behoefte van 'n groter volkseenheid (en 'n -opheffing). Die werklike rede waarom talle mense (waarskynlik die meerderheid) wel met die vereniging deurgegaan het, is dus nie in dié terme ondersoek of ten volle belig nie. En of die kerkvereniging dán werklik misluk het, word 'n ope vraag.

By geleentheid sinspeel die outeur op die rol van die pers, wat in die verloop van die gebeure nie onderskat moet word nie (vgl bl 381). Juis vir hierdie rol van die pers behoort die navorser dankbaar te wees, want dit bied weergawes en insigte waarsonder sy taak veel moeiliker sou gewees het. Om die 'Kaapse pers' uit te sonder as sou hulle 'mettertyd' die lidmate van die Hervormde Kerk beïnvloed het, behoort gekwalifiseer te word. In daardie dae was die Kaapse pers 'n baie veraf entiteit. Hul beïnvloeding hou eerder verband met die gewenste Afrikaner volkseenheid as met die propagering van bepaalde Nederduits Gereformeerde standpunte. Die pers se werklike invloed kom nie in die proefskrif ten volle aan die woord nie.

Die outeur is deurgaans redelik krities, maar nie noodwendig altyd onpartydig nie. Hoewel krities teenoor die Hervormde Kerk se amptenare in hulle hantering van die kerk se belange, kom die Nederduits Gereformeerde amptenare ietwat anders daarvan af. In hulle geval is die lofuitinge minder en die agterdog groter. Hul optredes is gewoonlik deur bedekte bedoelinge gemotiveer. Ds NJ van Warmelo, 'n eertydse geëerde Hervormde predikant, en ds MJ Goddefroy ná hom, voer 'n alleenstryd teen al die Nederduits Gereformeerde predikante. Van Warmelo word deur sy eie afvaardiging in die steek gelaat en ds HS Bosman, ook 'n Hervormde predikant, maar Engelsgesind, word 'n medewerker vir kerkeenheid. So kry leidende figure elkeen 'n etiket.

Opmerkings soos 'As 'n egte Wolmarans was hy 'n troue kerkman' (bl 490 verw 67) en 'Die Verenigde Kerk kon hulle (enige prominente Hervormers) nooit tevrede stel nie' (bl 490 verw 70) dui op 'n onwetenskaplike styl.

## GEBREKE

In enige wetenskaplike werk vervul 'n literatuur- of bronnelys 'n belangrike funksie. Ongelukkig ontbreek hierdie deel van die kritiese apparaat in die proefskrif onder bespreking. Met die deurlees het die betekenis van 'n bepaalde stelling op 'n tydstip vir my afgehang van die status van die bron waaruit die gegewens ontleen is. Daarom het ek my na die lys met verwysings aan die einde van die hoofstuk gewend. Op bladsye 276 lees die betrokke inskrywing (verw 18) eenvoudig: 'A du P Horn, a.w., p. 7'. Dit was so goed as niksseggend omdat die betrokke skrywer by my onbekend was. By gebrek aan 'n literatuurlys kon die verdere besonderhede dus nie daar gekontroleer word nie. Die enigste uitweg was om in die voorafgaande verwysings na die plek te soek waar Horn vir die eerste keer vermeld word. Dit het 'n soektog in eie reg geword.

Al die verwysings van drie voorafgaande hoofstukke is deurgewerk sonder om suksesvol te wees. Uiteindelik, 478 verwysings en 206 bladsye terug, is eers weer vir die eerste keer die van 'Horn' teëgekom, 'A du P Horn, a.w., p. 14'! (bl 70 verw 104). Gelukkig darem, net met die omblaaislag is met die volgende inskrywing die benodigde besonderhede gevind. Dit is onnodig om te sê dat geen kritiese leser die lus of tyd het vir so 'n oefening elke keer as hy wel kontrole wil uitoefen nie. 'nVolledige bronnelys sou die taak heelwat vergemaklik het.

'n Belangrike gebrek is die onekonomiese gebruik van verwysings. In die hele boek is daar bykans 1 800 verwysings wat drie en veertig persent van die boek se totale ruimte in beslag neem. Myns insiens kan dit met gemak met 'n derde verminder word sonder om 'n duit aan wetenskaplikheid in te boet. Talle kere is daar agtereenvolgens tot soveel as ses verwysings na dieselfde bron, terwyl net een of uiters twee werklik nodig was (vgl bl 180 en 193 vir ses keer asook bl 502 waar verw 184–188 almal dieselfde is). Ander kere bevat die verwysings bykans volledige biografiese studies van belangrike persone waarvan elkeen oor etlike bladsye strek (vgl bl 195 en 242 tot 275). In baie verwysings is dikwels uiters belangrike gegewens vervat, wat veel eerder in die teksgedeelte hoort. 'n Leser lees nie graag gelyktydig op twee plekke in

'n boek nie. Soms weer is verwysing en teks bloot dieselfde (vgl bl 196 verw 17).

Die titels van twee geraadpleegde bronne, *De Volkstem* en *De Afrikaanse Patriot*, is deurgaans verkeerd aangegee. Trouens, eersgenoemde word net een keer reg geskryf (bl 161) want voor die jaar 1900 was dit *De Volksstem* en *Di Afrikaanse Patriot*.

'n Onderwerp soos die kerkvereniging het tot dusver, veral uit die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk, heelwat aandag gekry en talle publikasies het al hieroor verskyn. Hiervan het die skrywer ook goed gebruik gemaak. Dit is egter nie duidelik of dieselfde gesê kan word van die werke uit Nederduitse Gereformeerde geledere nie.

Nie net die gebrek aan 'n bibliografie nie, maar ook 'n inleidende historiografiese oorsig om die stand van die kennis aangaande die tema binne die kerkgeskiedskrywing aan te dui, ontbreek. Dit is ewe onverskoonbaar in 'n wetenskaplike werk.

Origens was die voorkoms van talle spel- of tikfoute, veral aan die begin, hinderlik. Die naam Pietermaritzburg (bl 10 en 27) word meermale verkeerd gespel, soos ook Gerrit Maritz (bl 15). Ander voorbeelde is: vasgeslote = vasbeslote (bl 7), voorbedragte = voorbedagte (bl 13), alleenherser (bl 15), staakundige, omwettig en Hartebeesfotein (almal bl 19), Groot Kerk = Groot Trek, nadat = na (beide bl 30), Konsultentsgemeente (bl 37), gehanteer (bl 38), kon = kom (bl 41), Sinoe = Sinode (bl 46), Ned Kerk = Ned Herv Kerk (bl 47), digene en gebyk (bl 49), Boustoffen voor de Ges der Nederduitsch . . . (bl 73), ontmoed (bl 91), afhankliheid (bl 98), vertouwen (bl 105), Archieves = Archives (bl 107), Batlapinkapteintjies (?) (bl 108), klamte voor de storm (bl 119), kolonianers (bl 125), Die landdros Goetz = Landdros Goets . . . (bl 128), wesenlik = wenslik (bl 160), gedact – gedacht (bl 220), Hoogeag (bl 252), ortodoks-teolgiese (bl 257), ouderinge (bl 260), Pariot = Patriot (bl 277), sederd (bl 299), overwinnig (bl 301), afgwys (bl 327), sekere = seker (bl 345),onberipelijk (bl 356), vereenging (bl 360), oprede (bl 378), voortgeaan (bl 454), handhawig (bl 486), ontnuger (bl 506), en poisisie (bl 606).

Op 'n paar plekke is oënskynlik verkeerde datums verstrek: Januarie 1859 = 1849? (bl 16), einde van 1859 = 1849? (bl 29), November 1862 = 1882? (bl 280), November 1965 = 1865? (bl 380), Januarie 1877 en Januarie 1880 = ? (bl 452).

Enkele geografiese gegewens kan bevraagteken word: 'Aan die Kaap(?) sien hy die produkte van die Nederlands Hervormde Kerk se liberales in die Ned Herv Kerk'(?) (bl 41); 'Paardekraal . . . sowat 100 km

noord(?) van Potchefstroom' (bl 92); die Paleis van Justisie staan 'op die suidwestelike(?) hoek van die Kerkplein' in Pretoria (bl 241). Op bladsy 390 word melding gemaak van 'die beroemde skermutseling' = bekende?

By geleentheid sluip enkele lomp formulerings in. Op bladsy 196 lees ons: 'Die begeerte tot die vereniging van al drie die Hollandssprekende Kerke in Transvaal het by al drie Kerke geleef, dus ook by die Gereformeerde Kerk. Ook by die Gereformeerdes is sodanige wens in gemeenteverband uitgespreek' en op bladsy 551: 'Ook die Ned Herv gemeente neem die voorstel aan maar wil dit vir goedkeuring aan die gemeente voorlê waar dit algemeen aanvaar is.'

Terwyl daar in die voorafgaande gedeeltes strykdeur sprake van die Voortrekkerleier AWJ Pretorius is, word op bladsy 18 gemeld dat die 'nuwe Grondwet van Pretorius onaanvaarbaar' was. Verder op die bladsy word eenvoudig voortgegaan met 'die Pretorius-groep' of sonder meer bloot 'Pretorius' op 'n tydstip wanneer die gemelde leier al etlike jare oorlede is. Weet die outeur dit of nie? Die gewone leser sal in elk geval nie weet dat in die laaste gevalle MW Pretorius bedoel word as dit nie onder sy aandag gebring word nie.

Ek het nog talle ander vraagtekens aangebring, maar in die meeste gevalle sal dit te veel ruimte verg om dié aspekte afdoende op te klaar. Op een plek (bl 209–210) kon ek egter nie verhelp om langs die kantlyn aan te teken: 'Sê Pont', 'sê Pont' om daarmee aan te dui dat die skrywer hier 'n bepaalde bron bloot naskryf nie. Dit het waarskynlik ook op ander plekke met ander bronne gebeur. Dog hierdie verskynsel kom die sterkste na vore in hoofstuk 2 van Afdeling III. Die aanbieding van die hoofstuk verskil heel duidelik van al die voriges. Tot hier is hoofsaaklik kronologies-ontledend te werk gegaan. In hierdie hoofstuk word daar egter meer op grond van regtelike standpunte en hofuitsprake geargumenteer. 'n Eie vertolking ontbreek hier grootliks. Die oordeel (van die hooggeregshof) word aan die begin gefel, waarna bloot saaklik gerapporteer word. Skielik is datums ook opvallend minder.

## WAARDERING

Ofskoon die werk belangrike gebreke het, is dit egter nie so ernstig dat dit in die geheel daaronder ly nie. Met 'n laaste deurblaai aan die einde het dit my getref hoeveel keer ek in die kantlyn 'skitterend', 'beslis', 'ja', 'uitstekend' en 'goed' aangeteken het. Die beredenering was strykdeur logies, die ontleding diep en sonder veel doekies omdraai. Dit verteen-

woordig 'n eerlike poging wat werklik veel navorsing oor 'n breë terrein in baie oorspronklike materiaal geverg het. Slegs met moeite sal nog ongeraadpleegde bronne opgespoor word. In hierdie opsig is die waarskynlikste dat gemeentelike notules van die Gereformeerde Kerke die minste ondersoek is – maar dan was hulle ook weer grootliks buite die hoofstroom van gebeure.

Dit het my opgeval dat sommige van die jongste publikasies oor die gebeure rondom die Transvaalse anneksasie in 1877 en die Eerste Vryheidsoorlog nie in die verwysingslyste figureer nie. Dog dit is nie so 'n wesenlike gebrek nie. Ander belangrike werke is wel met goeie vrug gebruik.

Persoonlik het ek in my eie proefskrif destyds die kerklike verdeeldheid voor die anneksasie as 'n belangrike rede beskou waarom mense in daardie jaar aan so 'n onderneming soos die Dorslandtrek wou deelneem. Iets hiervan kom wel in hierdie proefskrif na vore (bl 80). Na die lees hiervan is ek egter nou eers op hoogte van die mate waartoe daar met die aanbreek van die laaste dekade van die vorige eeu, onrus en onmin in die geledere van die Transvaalse bevolking geheers het. Juis tóé is daar weer grootskaalse trekplanne beraam.

Die positiewe aspekte van die proefskrif is sodanig dat dit 'n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis is. Dit behandel 'n omvattende tema, waaromheen heelwat emosies gedraai het, op 'n koel en beredeneerde wyse. As sodanig is dit die vergestalting van 'n belangrike stuk geskiedenis.

# Boekbespreking

**Van Bruggen, J 1984 – Ambten in de apostolische kerk. Een exegetisch mozaïek**

Kampen: Kok. 191 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Prof E Engelbrecht**

Dit is 'n geoefende oog wat mosaïek kan waardeer, 'n oog wat ingestel is daarop.

Die nie-geoefende oog sal Van Bruggen se boek neersit na vyf of tien bladsye van worsteling. Dit sal tot skade van die leser wees. Die

aanvanklike probleem met mosaïekinterpretasie is dat mosaïek so beweginloos en star is. Dan weer vang die versplintering die oog vas en die geheel word vaag.

Ons boek het te veel tekste. Die skrywer werk egter bewustelik só. Hy vrees vir die bou van 'n hele ampspraktyk op grond van enkele tekste. Soos wat die boek vorder, kry die skrywer egter ook self meer oog vir die geheel en tree die brokstukkies op die agtergrond. Dit is juis hier waar die leser lekkerder begin lees. Stukkies begin figure word. Die skrywer se onderskeid tussen praksis en garisma is so 'n figuur. Nog 'n voorbeeld hiervan is sy insig dat ons apostoliese kerk bly deur suiwer prediking, geloof en gebed en nie louter deur 'n bepaalde vorm van kerkbestuur nie (bl 167).

Die boek se waarde lê daarin dat dit eksegetiese boustene bied vir 'garismatiese' kerkbestuur. Hy wat 'n gawe ontvang het, het ook iets om te gee. Die betekenis wat ons vandag aan garisma gee, as sou dit die ongeordende, vrye, nie-amptelike wees, het geen Bybelse steun nie.

'n Mens sal dié werk egter krities moet gebruik. Tipies van die mosaïekkunstenaar word tekste soms aanmekaargeryg om 'n historiese verloop op te bou. Nuwere semantiese insigte oor verwysing binne sy teks word nie altyd verreken nie. Soms word argumente op hoogs hipotetiese wyse ondersteun.

Voorbeeld: Die skrywer is van mening dat Lukas 10: 1 impliseer dat Lukas met meer as die twaalf apostels rekening hou. Vanuit hierdie hipotese word nou byna alle verwysings na die apostels geïnterpreteer. Omdat Lukas 12 en 70 (72) apostels erken, skryf hy in Lukas 22: 14 'twaalf apostels' om misverstand te voorkom. Hierdie lesing, stel die skrywer, word ook deur die meeste teksgetuies ondersteun. Word daar egter gekyk na die gehalte van die teksgetuies wat 'twaalf apostels' ondersteun, vind mens dat dit bestaan uit 'n korreksie van die Sinaïtikus, negende-eeuse manuskripte en veral Bisantynse manuskripte. Teksgetuies wat 'apostels' ondersteun is Papirus 75 (derde-eeus) en ander getuies uit die vierde en vyfde eeue. Geen moderne vaktekskritikus steun gevolglik Van Bruggen se lesing nie. Sy hoogs hipotetiese werkwyse het hom by onaanvaarbare resultate uitgebring. Lukas 24: 33 verwys vir die skrywer nou na 12 en 70 (72) en só ook I Korintiërs 15: 7!

Van die nuttigste hoofstukke word oor die diaken geskryf. Teen die laaste helfte van die boek slaag die skrywer werklik daarin om eksegetiese mosaïekwerk prakties te laat word.

Iemand wat kerkwetlik-prakties oor die ampte wil formuleer, sal baat indien hy dié werk ook lees. Weer gesê, hy sal dit versigtig en krities

moet lees. Maar impliseer 'lees' dit nie juis nie?

---

**Thurian, M (ed) 1986 – Churches respond to B E M: Official responses to the 'Baptism, eucharist and ministry' text, Vol 4**

Geneva: World Council of Churches. (Faith and order paper 132). 348 bladsye. Prys $16,50

**Resensent: Dr DJ Smith**

Hierdie boek is die tweede volume in 'n reeks waarin reaksies van 130 denominasies en kerkgroeperinge weergegee word op die dokument 'Baptism, Eucharist and Ministry' wat op 'n vergadering van die 'Faith and Order Commission' van die Wêreldraad van Kerke in 1982 te Lima, Peru saamgestel is en toe na die verskillende kerke gestuur is vir kommentaar en as 'n poging om, soos dit in die taal van die Wêreldraad van Kerke gestel word, 'n konvergerende teologiese reaksie tot stand te probeer bring. Hierdie tweede volume self bevat die reaksie van veertig denominasies.

Dit is nodig om eers 'n bietjie agtergrond te gee oor die B E M-dokument van Lima om 'n volle waardering van die boek te kan gee. Die Lima-dokument is in lyn met die werkswyse van die Wêreldraad heeltemal ekumenies gerig. Daar is probeer om vanuit hierdie ekumeniese gerigtheid uitdrukking te gee aan die ooreenkomste in teologiese opvatting vanuit die verskeie kerke binne die Wêreldraad van Kerke met betrekking tot die Doop, die Nagmaal en (Amps-)bediening. Daar is stellinge gemaak oor hoe die Doop en Nagmaal verstaan, bedien en beleef moet word. Daar is ook aandag gegee aan hoe die verskeidenheid van gawes van die Heilige Gees en 'bedieninge' – om dié gelade woord te gebruik – in die kerk tot voordeel van die kerk gebruik kan word en hoe dit in verhouding staan tot die amptelike dienswerk en ampte van die kerk, maar veral ook aan die plek van die ampte en ampsbediening in die kerk.

Dit is baie duidelik dat 'n mens in 'n dokument soos dié nie net 'n groot potensiaal het vir 'n ekumeniese gesprek nie, maar ook vir die formulering van 'n ekumenies-gerigte belydenis. Hierdie potensiaal kom veral duidelik na vore as 'n mens daaraan dink dat driehonderd en sestig duisend kopieë van die oorspronklike dokument dwarsoor die wêreld versprei is.

Dit is 'n onbegonne taak om elkeen van die veertig kerke se antwoorde in 'n resensie soos hierdie te evalueer. Daarom beperk ek my tot enkele algemene opmerkings. Uit die antwoorde van die kerke is dit duidelik dat die mees algemene werkswyse wat die verskillende kerke in die formulering van hulle reaksie en antwoord gebruik het, gewoonlik die meeste van die onderstaande punte omvat:

1. Algemene inleidende opmerkings oor die dokument as geheel en vanuit watter standpunt die betrokke kerk dit benader.
2. 'n Breë bespreking van die drie sake ter sprake word onder afsonderlike hoofde bespreek met 'n verwysing na dit uit die dokument wat veral die besondere kerk se aandag getrek het.
3. 'n Waardering van die standpunte wat positief ervaar en/of aanvaar is.
4. 'n Afwysing of kritiese beoordeling van die standpunte wat nie aanvaarbaar is nie.
5. Die tekortkominge van die dokument word uitgewys.
6. Antwoorde op sekere spesifieke vrae wat die oorspronklike dokument begelei het, word gegee.

Die onderskeie kerke se antwoorde bring 'n mens by nadere oordenking onder die besef van veral twee sake. Die eerste is dat 'n opregte ekumeniese gesprek wat uiteindelike eenheid of eensgesindheid voor oë het, 'n baie moeisame en langsame taak is wat met groot verantwoordelikheid aangepak behoort te word in die besef dat dit alleen die waarheid van die Woord is wat die deurslag behoort te gee.

Die tweede besef wat na vore kom, is dat 'n ekumeniese gesprek nie maar net alleen en bloot gebou kan word op 'n soeke na en formulering van gemeenskaplike raakpunte nie, maar dat dit veel dieper moet gaan om oppervlakkigheid te vermy. Ook en juis die uitwys en formulering van gemeenskaplike standpunte moet 'n kerk weer bring tot 'n ernstige worsteling met die Skrif om te toets of die vermeende ooreenstemming op werklike Bybelse gronde berus. Die fokus moet dus wees op die Bybelse getuienis as primêre oorweging en die gemeenskaplike standpunte as sekondêre oorweging. Hiermee saam hang ook dat die verskille nie maar net as tydelike, lastige struikelblokke beskou kan word wat so gou moontlik uit die weg geruim moet word nie. Die antwoorde van die kerke toon dat die verskille met groot erns benader moet word en dat dit net so 'n belangrike rol moet speel as die standpunte wat gedeel word, in die proses om deur te dring tot dit wat die getuienis van die Bybel oor 'n bepaalde saak sê.

Teoloë wie se belangstellingsveld die ekumeniese kerklike gesprek is, en veral dan die wat belangstel in die beweging na 'n sogenaamde ekumeniese teologie, kan die boek met goeie vrug gebruik. Die boek se samestelling is egter van so 'n aard dat dit nie die indruk skep van 'n boek wat glad en gemaklik lees nie. Dit is daaraan te wyte dat daar veertig bydraes van verskillende kerke is wat elke keer op dieselfde saak fokus met dieselfde basiese werkspatroon, maar net vanuit verskillende gesigspunte en met verskillende nuanseringe.

As ons hierby ook in gedagte hou dat die onderwerp wat in hierdie boek in behandeling geneem word, glad nie op die huidige oomblik in enige beduidende mate in die Afrikaanse kerklike wêreld ter sprake is nie, sal die boek waarskynlik nie 'n wye verspreiding hê nie.

---

Oberholzer, JP 1986 – Die Heidelbergse Kategismus: **In vier teksuitgawes, met inleiding en teksvergelyking**

Pretoria: Kital. 192 bladsye. Prys **R24,00**

**Resensent: Prof PC Potgieter**

Hierdie publikasie is die resultaat van navorsingswerk wat aanvanklik gerig was op die Skrifgebruik in die Heidelbergse Kategismus. Dat die projek uiteindelik veel wyer uitgekring het en as sodanig beskikbaar gestel is, moet met dankbaarheid verwelkom word.

Na 'n kort oorsig oor die ontstaansgeskiedenis van die Kategismus en die wyse waarop dit in Europa kerklike sanksie ontvang het, word die vroeëre en latere gebruik daarvan in Suid-Afrika toegelig. Dat die geskiedenis uit verskillende gesigshoeke bekyk kan word, spreek vanself. So sal dit sommige lesers byvoorbeeld vreemd aandoen as daar na 'die tweede Algemene Kerkvergadering (1829) van die selfstandige Suid-Afrikaanse Kerk' verwys word (bl 7).

Die verdienste van die publikasie is dat die vier tekste wat vir die drie Afrikaanse kerke van die grootste belang is, baie noukeurig en met omvangryke tekskritiese verwysings naas mekaar weergegee word. Die vier tekste is die Duitse *Catechismus oder christlicher Unterricht* 1563, die *Catechesis religionis christianae* 1563 in Latyn, die *Cathechismus ofte onderwijsinghe in de christelicke leere* 1611 (Nederlands) en die jongste Afrikaanse teks (1982).

Vir elke predikant wat wil erns maak met die Kategismusprediking, is dié publikasie 'n waardevolle bron wat moet lei tot beter begrip van die werklike bedoeling van hierdie leerstuk. Terselfdertyd het die skrywer 'n kosbare bydrae gemaak tot die studievelde van Kerkgeskiedenis, Dogmageskiedenis en Simboliek as teologiese dissiplines.

'n Uitgebreide sake- en teksregister verhoog die bruikbaarheid van die publikasie nog verder.

Hierdie goedversorgde boek word hartlik aanbeveel by teoloë, teologiese studente, predikante en kategete vir wie die oordrag van die suiwer leer 'n saak van erns is.

---

Neuhaus, **RJ 1986 – Dispensations:** The future of South Africa as South Africans see it

Grand Rapids: Eerdmans, 310 bladsye. Verkrygbaar van Lux Verbi. Prys R44,77

**Resensent:** Dr JMG **Storm**

Richard John Neuhaus, 'n Amerikaanse geestelike, is een van die vele buitelanders wat 'n groot besorgdheid jeens Suid-Afrika koester. Deur middel van sy publikasie bied hy vrywilliglik sy hulp aan om ons te help soek na 'n beter en hoopvolle toekoms.

Hy poog om die probleme van Suid-Afrika te identifiseer en dan sogenoemde bekende persoonlikhede vanuit Suid-Afrika self aan die woord te stel om te sê hoe hulle dink Suid-Afrika se probleme opgelos behoort te word. Daarna weeg Neuhaus dan die versamelde getuienis en gee 'n eie mening.

Die probleem van Suid-Afrika is glashelder. 'n Apartheidspolitiek wat die land na revolusie lei en 'n verstarde Afrikanervolk, eerder 'n Afrikanerstam, wat bly glo dat hulle 'n mandaat van God ontvang het om alleen in die land te regeer; dit is omdat hulle bly glo aan die mite van 'n Bloedriviergelofte. Die oplossing is net so duidelik: 'n doelgerigte, radikale en vinnige hervormingsproses om apartheid wortel en tak uit te roei.

Hoe kan hierdie hervorming bereik word? Deur middel van die Afrikaner? Dit sou beswaarlik geskied want die meeste Afrikaners kan nog nie insien dat nasionalisme en rassisme keersye is van dieselfde saak nie. Die Afrikaner is ook onwillig om mag te deel want daar is 'no

boats in the harbour' om mee te vlug as sake dalk skeef loop vir hom in die nuwe Suid-Afrika nie. Gelukkig begin daar darem almeer 'n nuwe Afrikaner op die voorgrond tree wat nie meer so verstar in sy denke is nie. Wat van die Engelse, 'the natural aristocracy of South Africa'? Hoewel die deursnee Engelssprekende hervorming nastreef en ondersteun, ontbreek dit hulle aan die politieke mag om dit uit te voer. Hulle ywerigheid en ware oogmerke met hervorming is ook onder verdenking omdat die Engelsman nog nooit van sy meerderwaardigheid ontslae kon raak en niemand weet of hy gaan vlug of bly nadat 'n nuwe Suid-Afrika tot stand gekom het nie.

Die regering is die eintlike instrument wat ware hervorming moet bewerk. Die slakkepas waarteen beweeg word, maak die regering egter nog meer onaanvaarbaar vir die bevolking van Suid-Afrika en illustreer hulle onbevoegdheid om werklik iets aan die bedrukte toestand in Suid-Afrika te doen.

Naas die regering sou die kerk die ideale instrument wees om rassediskriminasie te beveg en politieke hersiening te preek, te eis en te bewerkstellig. Die twee kerklike groepe wat hier werklik iets kan vermag, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se bona fides is ongelukkig nie vlekkeloos nie. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het sy plek as hervormingsinstrument verloor tensy hy bereid sou wees om apartheid te veroordeel en skuld te bely oor die verlede waar apartheid kerklik goedgekeur is. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het andersyds, nieteenstaande die feit dat hulle leiers, naamlik Beyers Naudé, Tutu en Boesak erkende en wêreldbekende leiersfigure en teoloë is, 'n 'image' probleem. Die fondse daarvan word vanuit die buiteland voorsien. 'n Finansiële skandaal (Rees) sowel as 'n morele skandaal (Boesak) het die organisasie ernstige terugslae toegedien.

Wie of wat bly oor? Gematigde leiers soos Hendrikse en Buthelezi. Hendrikse is nie eintlik 'n faktor nie want hy het nie die steun van die bevolking nie. Sy samewerking met die Botha-regering plaas hom ook onder verdenking. Buthelezi is net die regte man, maar weens sy stamverbondenheid met die sterkste en talrykste Swart volk in Suid-Afrika, vrees die ander Swartes hom. Ook die feit dat hy te gematig is, lei tot 'n diskwalifikasie by ander Nie-Blankes. Wat dan van die African National Congress? Dit is te betwyfel of die African National Congress die militêre mag het om die Suid-Afrikaanse owerheid omver te werp.

As geen enkele persoon of instansie alleen in staat is om vrede en voorspoed vir Suid-Afrika te bewerk nie, moet almal saam probeer.

Maar dit moet meer as net 'n Nasionale Konvensie wees; dit moet iets soos 'n nuwe gelofte wees wat tussen Blank en Swart voltrek word. Natuurlik te Bloedrivier! Die deelnemers volgens Neuhaus kan persone soos Boesak, Tutu, Beyers Naudé, Makatini van African National Congress, verteenwoordigers van Anglo American en Buthelezi wees. Afrikaners wat daar behoort te wees is PW Botha, Gerrit Olivier en Johan Heyns. Of daar egter tyd is vir 'n nuwe gelofte vóór die revolusie sal ons moet sien!

Neuhaus se boek bevat geen nuwe gedagtes oor die politiek nie. Alles wat hier genoem, bespreek en voorgestel word, is al op een of ander stadium deur iemand in Suid-Afrika vir Suid-Afrika voorgestel. Alhoewel Neuhaus, soos te verwagte, die konserwatiewe Afrikaner karikaturisties voorstel, behou hy sy objektiwiteit deur ook aan ons ander partye probleemvrae te stel en hulle antwoorde te publiseer. So huiwer hy byvoorbeeld nie om aan Allan Boesak uit te wys dat die Afrikasosialisme wat Boesak voorstaan, 'n groot mislukking is nie. In sy gesprekke met die African National Congress word deeglik ingegaan op die vraag of die African National Congress kommunisties is of nie. 'n Interessantheid vanuit die boek is die beantwoording van die vraag waarom Biskop Tutu nie as 'n gematigde Swart leier wil saamwerk nie, naamlik dat Tutu, volgens homself, bang is dat hy soos Musorewa in Zimbabwe, op die politieke agtergrond geskuif sal word. Hoe meer radikaal jy is, hoe groter die kans dat jy as leier onder van die Swartes erken sal word. Ook die Indiërs se vrees vir die Zoeloes word blootgelê.

In kort: 'n Interessante boek, maar gesien in die lig van sy prys nie juis aan te beveel vir die boekrak nie.

---

## Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986 – Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Bloemfontein: NG Sendingpers. 64 bladsye. Prys R2,50
Adres: Algemene Sinodale Kommissie, Pro Christo-Publikasies, Posbus 19, 9300 Bloemfontein

**Resensent: Dr PB Boshoff**

In hierdie getuienis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk rapporteer die sinode van 'n afskeid wat hy neem en van 'n voorneme vir die

toekoms. Die sinode neem afskeid van apartheid in die oortuiging dat 'gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie' (305).

Wat die toekoms betref, wil die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie weer 'n politieke model voorskryf nie, maar 'verkondig slegs die eise van liefde, geregtigheid en menswaardigheid wat in die samelewing beliggaam moet word. Daarom sal hy voortgaan om elke bestaande en voorgestelde model hieraan te toets' (309).

Ek wil die studie aan die hand van 'liefde, geregtigheid en menswaardigheid' bespreek en met die laaste een, 'menswaardigheid', begin: Die rapport begrond die waardigheid van die mens daarin dat hy beelddraer van God is. Die sinode meen dat die sonde nie die mens se beelddraerskap tot niet gemaak het nie. 'Nog steeds het hy die status van iemand wat deur God "met aansien en eer gekroon" is, nie ten volle verloor nie' (169). Ek wonder wat met 'nie ten volle verloor' bedoel word: Het die mens nog 'n bietjie aansien en eer oor? Sit die kroon effens skeef op sy kop?

Ek wil my liewer aansluit by Gunneweg (*Leistung:* 83) se uitleg van hierdie veelgeplaagde Bybelwoord van die mens as beeld van God. Die mens dra nie net daarin Gods beeld dat hy die dorre aarde skeppend tot kultuurland bewerk nie. Hy is ook daarin beeld dat hy homself nie in sy beste werke vind nie. Hy is meer as wat hy uitrig en meer as wat hy verbrou. Soos wat God, wanneer Hy van al sy werke rus, nog ten volle God is, só mag die mens uitrus en só waarlik mens wees.

Dat die mens God se 'skaduwee' (Van Selms, Genesis 1: 36) is, is nie 'n gegewenheid nie, maar die aanbevelenswaardige manier van lewe wat aan alle mense, die mensonwaardige werkskuwes en die mensonwaardige oorwerktes, verkondig moet word. Wat die kerk vir hierdie waardigheid van die mens behoort te doen, is om dit te verstaan en te verkondig. As die kerk dit nie doen nie, die goddelose nie waarsku nie, sal die goddelose sterwe 'maar sy bloed sal Ek van jou hand eis' (Eseg 3: 18b).

Hieruit volg dit dat die waardigheid van die mens iets is wat verkondig moet word en geglo moet word. Dit is nie 'n gegewe basis waarvandaan eise gestel kan word nie. Waar hierdie waardigheid verkondig en geglo word, is elke mens belangrik, iemand aan wie God self sy naam gee.

Die getuienis dink te min van die sonde, naamlik dat dit die mens net gedeeltelik bederf. Waar daar te min van die sonde gedink word, bly dít

wat verlossing moet wees ook oppervlakkig. Van 'die omvattende heil' getuig die sinode:

> Dit sluit allereers in dat ons aan hom die goeie boodskap van redding en versoening in Jesus Christus sal verkondig. Die heil in Christus sluit egter meer in. Christus se liefde het ingesluit dat Hy ook siekes genees, hongeriges gevoed en na alle vorme van sorgbehoewendheid uitgereik het (134).

Afgesien van die vraag of die uitleg wat aan die wonderwerke gegee word, verantwoord kan word, wil ek vra: Wat van Paulus wat met die doring nog steeds in sy vlees, moes hoor: 'My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring' (2 Kor 12: 9a)? Jeremia verkondig aan bannelinge in Babel: 'Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee' (Jer 29: 11). Die genade en vrede sluit die swakheid van Paulus en die doodloop in Babel van die bannelinge in. Die genade en vrede is ook nie voorlopig nie, want dit beteken die herstel van die verhouding met God, die herstel van die mens as beeld van God, iemand wat kan werk en bid.

Hierdie heil word uitgeroep, aangesê, toegesê en so gerealiseer. En die kerk se werk is en bly om hierdie woord te laat hoor. Wanneer die kerk nog meer wil insluit onder sy groot taak, en die meer kom altyd weer neer op iets minder, dan beteken dit die kerk is nie meer tevrede om kerk van die Woord te wees nie, is nie tevrede met die heilswoord nie, maar wil die heil self bewerk, wil die heil (beeld) wat onsself is, realiseer, terwyl Woordverkondiging neerkom op kommentaarlewer oor sake van die dag.

Ek kan verstaan dat daar groot druk op die sinode is om die heil aan welsyn te koppel, want komende uit die welvarende bevolkingsgroep, is hulle ook nie seker of hulle, wanneer dit minder goed sou gaan, nog tevrede sal kan wees dat 'ek niks kortkom nie'. Hierdie onsekerheid is deel van 'n welvarende Christen se lewe. As alle Christene ryk is, sal almal hierdie aanvegting hê. Maar selfs dan het ons nog nie die reg om die Bybelse heil van welvaart afhanklik te maak nie.

Wat die 'geregtigheid' betref, lees ons van 'dit wat voor God reg is ten opsigte van alle fasette van die samelewing' (140); die 'koninkrykseise' (216) vir al die samelewingsverbande; 'die beginsels van die ryk van God op maatskaplike en politieke terrein' (218). Vir my lyk dit na oorspanne vroomheid om die reëlings wat selfs in die gaafste aardse bestel sou geld, gelyk te stel aan 'dit wat voor God reg is', 'koninkryks-

eise' en 'die beginsels van die ryk van God'. Die werklikheid waarin ons lewe, laat ons eenvoudig nie toe om te dink dat, as ons van 'n ouer politieke bedeling afskeid neem en op pad is na 'n nuwe een, ons kan aanvaar dat dit 'n stap van kwaad na goed is nie. Die keuse wat ons maak is hier, en oor die algemeen, waarskynlik van half-sleg na half-goed of as jy wil, van half-goed na half-sleg.

Hierdie en ander keuses kan ons maar gerus en getroos maak. Mense strewe eenvoudig na 'n beter bedeling, meer welvaart, beter lewensomstandighede. Ons kan egter ook nie die beter lewensomstandighede teologies regverdig of dit gelykstel aan God se geregtigheid nie. Die geregtigheid van God beteken dat die mens weer God se beeld word, van genade leef, luister na God se heilswoord midde-in die alledaagse lewe. Hierdie geregtigheid beteken nie maar net afskeid van ou politiek nie, maar afskeid van die inbeelding dat ons die absoluut-goeie in die samelewing kan beliggaam. Dit beteken ook afskeid van die gedagte dat die kerk 'eksemplariese gemeenskap' (224) vir die samelewing moet wees. Hoe kan die kerk, wie se boodskap die einde van die wêreld – die oordeel oor die wêreld – verkondig ooit voorbeeld vir die wêreld wees? Ons sal die wêreld nie ontwikkel kry tot dit ryp is om oor te skakel en God se ryk te word nie. Die ryk van God word nie verwerklik deur die krag van gelowiges wat die beste van familielewe en staatslewe tot stand bring nie. God gee self sy ryk van die nuwe wêreld midde-in die oue – genade deur die oordeel oor ons sonde; heil in Babel.

Die getuienis noem dat menseregte voorwaardes is 'vir die verwesenliking van die mens se bestemming' (180). Is die mens se bestemming nie eerder dat hy sal weet: 'My genade is vir jou genoeg' nie? Het die mens nie 'sy volle potensiaal in Christus' verwesenlik as hy uitroep: 'Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom' (Luk 23: 42b) nie?

Die getuienis maak onderskeid tussen die Christen se politieke verantwoordelikheid en dié van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

> Die Ned Geref Kerk mag hom nie met bestaande of ander politieke ideologie vereenselwig of self politiek probeer bedryf deur die opstel van politieke programme of modelle nie (332).

Hierdie onderskeid is egter nie duidelik nie, want op bladsy 309 word van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gesê hy sal aanhou om elke bestaande en voorgestelde politieke model te toets aan die eise van liefde, geregtigheid en menswaardigheid. As jy 'n model getoets het en jou voorgestelde wysiging word aanvaar, het jy dan nie help opstel

daaraan nie? Vir my lyk dit baie naby aan die regverdiging van 'n politieke model, wat die sinode sê hy nie wil doen nie.

Myns insiens bevind die gelowige hom ook in 'n moeilike posisie wanneer hy 'die beginsels van die koninkryk van God ook op politieke terrein moet deurvoer' (329). Dit beteken hy moet die ryk van die wêreld en die ryk van God met mekaar versoen, iets waartoe hy nie in staat is nie. Die gelowige sal eerder gehelp wees as die kerk aan hom verkondig dat God hom regverdig verklaar het, dat hy sonder om hom oor sy eie regverdiging te bekommer, hom mag toewy aan die bes moontlike bedeling. Vir hierdie wêreld geld nie die beginsels van die koninkryk van God nie, maar die beginsel van die bes moontlike.

Hieronder noem ek een groepie menseregte wat in die getuienis aangebied word as Bybelsgevulde menseregte. Ek sou hulle liewer menseregte vir die bes moontlike bedeling noem:

- om 'n huwelik te sluit,
- op 'n gesinslewe en kinders,
- op opvoeding, onderwys en opleiding,
- op sosiale verband en groepsidentiteit,
- op politieke inspraak, deelname en bedrywighede,
- op vrye toegang tot die gereg, 'n billike verhoor en 'n menswaardige hantering in die regsprosesse (190–195).

Om net eenvoudig ons oë te sluit vir hierdie behoeftes van mense is ongevoelig en dwaas, maar om dit 'koninkryksvereistes' te noem, gaan weer heeltemal te ver.

Dit bring ons by die riglyn van die 'liefde'. Dit is opvallend dat die stuk min getuienis oor die liefde lewer. Ek skryf dit daaraan toe dat daar so baie onder ander hoofde, soos geregtigheid, gesê word. Dit is jammer want die liefde is die aangewese begrip vir die verband tussen kerk en samelewing omdat die liefde die gesig van die geloof is. Die kerk oortuig ons dat ons uit God se liefde en vergewing leef en so leef ons in liefde en in vergewing met ons medemens. Die liefde werk nie volgens voorskrifte nie, maar soek in elke omstandigheid na die beste. Liefde vra ook nie van ons om die absoluut-goeie tot stand te bring nie, maar om mense-werk te doen, die betreklik-goeie.

Ten slotte wil ek opmerk dat hierdie getuienis 'n dokument uit die Calvinistiese of gereformeerde tradisie is. Op die vraag of dit reg laat geskied aan daardie tradisie het ek nie ingegaan nie. Ek neem aan dis die geval. Het dit dan nie nou tyd geword dat daar in Afrikaanse kerkkringe ernstig nagedink moet word oor die bydrae wat hierdie

tradisie kan lewer vir die aktuele probleem van 'Kerk en Samelewing' nie?

Oor kerkeenheid verklaar die sinode 'Die afsonderlike bestaan van die drie Afrikaanse kerke is prinsipieel nie verantwoord nie' (259). Onder die Gereformeerde Kerke leef die oortuiging ook dat die nie-eenheid van hierdie kerke sondige verskeurdheid is. Mens wonder waarom hierdie twee kerke so in die sonde van verskeurdheid bly lê.

---

**Van Wyk, DJC 1985 – Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 'n Verantwoording**

Pretoria: Kital. 48 bladsye. Prys R6,50

**Resensent: Prof B Spoelstra**

Hierdie publikasie wat eers heel onlangs aan my voorgelê is vir bespreking, het verskyn in opdrag van die Algemene Kommissie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika om studieresultate rondom Artikel III van die Kerkwet te versprei om sodoende die nodigheid van en oogmerke met die artikel te verduidelik. Dit gebeur in elf hoofstukke of uitgebreide paragrawe.

In 'n inleidende hoofstuk word die gebruik van die Bybel aangedui. Dit wil geen 'fundamentalistiese' benadering nie, maar ook geen nuwe vorm van modernisme wat Bybelse waarhede relativeer nie (bl 5). Tog bied die werk in geheel weinig verdediging van of kritiek op Artikel III wat Bybels beredeneer word. Ek meen dat wat ten gunste van Artikel III gesê word, merendeels uit nie-Bybelse bronne en situasies geput word. Hoofstukke dra gevolglik opskrifte wat nie pretendeer om die Bybel te raadpleeg nie: **'n Verskeidenheid volke in Suid-Afrika** (bl 7–13), **Spraakverwarring oor ras en volk** (bl 14–21); **Die volkskerk** (bl 22–25), **Die eenheid van die kerk (bl 26–29). Die Ned Herv Kerk en die Afrikanervolk** (bl 30–33), **Belydenis, Beginsel of Werkswyse (bl 34–37). Die bedoeling van Art III en wat die Kerk daarmee wil bereik** (bl 38–40). **Kritiese Vrae met die oog op verdere studie** (bl 41–46), **Bevindings en Slotopmerkings** (bl 46–47). Hoewel die skrywer oop wil wees vir kritiek (bl 4), beantwoord hy nie vrae wat vanuit 'n prinsipiële teologiese hoek opkom nie.

In die geheel skep die brosjure die indruk dat dit eerder met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika binne die Suid-Afrikaanse

politieke en maatskaplike samelewing besig is en die behoud van Artikel III in die Kerkwet op grond daarvan regverdig. Uit die aard van die 'kerkwet' wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika konstitueer volgens die verenigingsreg (deur kerkregtelikes ook as 'kollegialisme' aangedui), is Artikel III nodig om 'lidmaatskap' tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as regspersoon (vgl bv bl 1 v, 9, 22 v) te reël. As sodanig beklemtoon dit die intieme, onlosmaaklike verband van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met die Afrikanervolk. Dit gaan egter nie in op die problematiek wat in verhouding tot gelowiges uit ander volke ontstaan wanneer die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika byvoorbeeld in verhouding tot die liggaam van Christus bespreek sou word nie. Afgesien van my verskil met die genootskaplike kerkbegrip, lyk dit ook asof 'sigbare' en 'onsigbare' kerk hier feitlik in Lutherse sin radikaal geskei word.

Die werk dra 'n sterk apologetiese karakter en vertoon in dié opsig ook 'n neiging om te polemiseer, onder andere met die 'Geref Kerk in SA' oor sake wat met Artikel III niks te make het nie (bl 29). In die proses verantwoord hy hom ook nie oor die werklike feite by en in ander se beskouings nie. So laat die Gereformeerde Sinode (1882) byvoorbeeld wel voorwaardelik kanselruil toe, maar kerkrade het in die gereformeerde bestel daaroor die seggenskap. Die polemiese trant skemer ook elders deur (bl 23, 31). Dit is te betwyfel of die skrywer Kuyper se kerkbegrip in eie reg begryp.

Die brosjure sal moeilik Artikel III in die kerkwet aan 'n teoloog buite die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika duidelik maak, omdat dit nie op die artikel konsentreer nie, maar in situasietekening opgaan. In die loop daarvan word waardevolle dinge gesê, soos dat 'n kerk (wat verstaan ons daaronder?) nie los van 'n volk (mense in 'n gemeente of 'n eenheidabstraksie?) staan nie. Tog oortuig dit nie en klink dit selfs teenstrydig wanneer Artikel III 'n praktiese metode, maar tog ook 'n beginselsaak (bl 36) genoem word. 'n Mens kan ook vra, indien dit net prakties is (bl 34), of dit hoegenaamd teologies bespreek kan word?

---

**Louw, JP, Vosloo, W & Webb, VN 1985 – Die taal van die Bybel en die predikant. Onder redaksie van Wethmar, CJ. (Universiteit van Pretoria Teologiese Studies nr 1)**

Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal. 61 bladsye. Prys R7,50 plus AVB

**Resensent: Prof Willem S Vorster**

Hierdie boek is die resultaat van 'n seminaar wat op 12 en 13 Augustus 1985 aangebied is deur die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding aan die Teologiese Fakulteit (Afd B) van die Universiteit van Pretoria. Dit bevat drie referate in die vorm waarin die sprekers hulle referate tydens die seminaar aangebied het. Die publikasie is oor die algemeen goed versorg ten spyte van die feit dat die referate nie vir publikasie in een bundel afgerond is nie (vgl Voorwoord).

In sy opstel oor 'Die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling: Kritiese evaluering – Nuwe Testament' het Professor JP Louw op baie duidelike en eenvoudige wyse 'n beoordeling van die NAB gegee. Dit is duidelik dat sy akademiese kennis en praktiese ervaring van vertaling van antieke tekste en by name Bybelvertaling die rede is vir sy aanbieding. Die spreker/skrywer gaan gemaklik met die onderwerp om en bied 'n baie deeglike oorsig oor die onderwerp. Hy lig elke saak wat hy bespreek met voorbeelde toe en dit maak die aanbieding oortuigend. Hy maak gebruik van kontras en vergelyking. Die drie bestaande Afrikaanse vertalings word telkens vergelyk om 'n aspek van Bybelvertaling, geslaagdheid en so meer toe te lig. Die opmerkings oor die ontvangs van die NAB dien verder om die leser wat oningelig is oor vertalingstegniek en vertalingsprobleme onmiddellik 'n begrip te gee van die implikasies van vertaling (vgl bl 4,6). Die stuk kan baie goed gebruik word deur studente en predikante en selfs deur leke wat geïnteresseerd is in Bybelvertaling en die NAB, maar nie Grieks kan lees nie. Die opstel is nie oral ewe goed versorg nie. Die argumentasie oor Paulus se 'doring in die vlees' as idioom is onoortuigend want Chrysostemos se opvatting en konteks maak die uitdrukking nog nie 'n idioom nie! Verder kan die redenasie oor die sogenaamde 'konserwatisme' van die NAB met verwysing na *dikaiosúnē* in Romeine (bl 6) nie op die gegewe argument staangemaak word in 'n opstel wat andersins in die algemeen op akademiese argumentasie berus nie. Die enkele verskrywings kan verskoon word want die drukkersduiwel is altyd met ons (vgl '. . . an (sic) painful . . .' [bl 6] en '. . . as sou albei vasgemaak was (sic) . . .' [bl 7]).

Die tweede opstel is voorberei deur Professor W Vosloo oor 'Die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling: 'n Beoordeling van die Ou Testament'. Daar is skynbaar ooreengekom dat Louw en Vosloo soortgelyke sake in hulle referate aanbied en dat hulle van baie voorbeelde gebruik maak. Die aanbieding oor die Ou Testament is in dié opsig dieselfde as

die vorige. Interessante voorbeelde word uitgelig in die bespreking, maar die aanbieding is minder oortuigend. Dit hang waarskynlik daarmee saam dat die skrywer om een of ander rede nie sy kritiese oordeel met vrymoedigheid wou uitspreek nie. Daar is altyd 'n 'maar' by. Dit is steurend. Die styl van aanbieding, halfpad tussen 'n akademies geskrewe stuk met aanhalings en verwysings en 'n vryer referaat, is om hierdie rede minder oortuigend. Die bedrewenheid ten opsigte van die onderwerp ontbreek ten spyte van die baie goeie voorbeelde wat na die droë hout van bladsye 12–15 volg (vgl verder die opmerkings oor sogenaamde 'radikale verbeterings' [bl 18], 'geladenheid' [bl 19] ens). Dit is verder jammer dat die spreker/skrywer nie kwessies soos die sogenaamde 'messiaanse verwysings' krities as Ou-Testamentikus bespreek het nie.

Die derde opstel is 'n uitmuntende stuk werk wat elke teoloog wat nadink oor teologiese en godsdienstige taalgebruik insluitend taalgebruik in die Bybel, moet lees. Ek is van mening dat die stuk voorgeskryf behoort te word vir alle teologiese studente en gratis aangebied behoort te word vir alle afgestudeerdes. Professor Webb het in sy opstel 'Kommunikasie in die erediens' insigte oor taalgebruik en pragmatiek op 'n bevatlike wyse vir sy hoorders/lesers aangebied. Sy formulering is duidelik, die behandeling van die onderwerp oortuigend en die inligting wat hy gee oor kommunikasie in die erediens iets wat elke prediker sal laat nadink. Sy oorversigtige benadering in die eerste paar bladsye en sy uitsprake oor die aard van die Skrif (vgl bl 34 par 3) spreek in die lig van die inhoud van sy opstel boekdele. Dit doen daarom ook nie afbreuk aan die waarde van die opstel nie.

Die titel van die boek is misleidend en daarom ook ongelukkig. Die eerste twee opstelle het weinig daarmee te make en die derde sou 'n mens onder 'n ander titel miskien baie beter kon bemark. Die boek is 'n baie goeie begin vir die reeks en word aanbeveel.

---

**Louw, JP (ed) 1986 – Sosiolinguistics and communication (UBS Monograph Series, No 1)**

Stuttgart: Wêreldbond van Bybelgenootskappe. 156 bladsye. Sagteband. Getikte teks gelitografeer. Prys R10,00

**Resensent: Ds E van Eck**

Hierdie monografie is die vyfde in 'n reeks wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gepubliseer word en ook die eerste in 'n nuwe

reeks van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe. Die oogmerk van hierdie nuwe reeks is om betekenisvolle navorsing op die gebied van vertaling in druk te laat verskyn. Die betrokke publikasie is die resultaat van 'n seminaar wat in Januarie 1984 by die Universiteit van Stellenbosch gehou is en handel in hooftrekke oor 'n reeks komplekse kultuurfaktore en interpersoonlike verhoudings wat moontlik die betekenis van tekste kan verander of verklaar.

In die eerste bydrae dui EA Nida aan dat sosiolinguistiek te make het met die bestudering van taal vanuit die betrokke taal se sosiale konteks. Dit konsentreer daarom spesifiek op die sprekers self, reseptors, vorm, inhoud en 'setting'. Die hoofklem val hier nie op die sin of teks nie, maar op die spraakgebeure (kommunikasiegebeure) self. Verder konsentreer sosiolinguistiek op die verskille wat daar mag bestaan tussen sosiolinguistiese en tradisionele taalgebruik, op alle faktore wat aanleiding gee tot die verandering van taalgebruik onder sosiale groepe asook op die paralinguistiese en ekstralinguistiese aspekte van taal. Die doel bly egter om die struktuur van taal te ondersoek in die sosiale konteks van die werklike taalgebeure self.

Nida toon vervolgens aan hoe sosiale strukture in noue relasie staan tot die soort taal wat gebruik word. Om die taal te verstaan sal die betrokke sosiale verhouding dus eers ontleed moet word. Die funksie van elke taalhandeling is ook belangrik, dit wil sê wat die spreker met sy uitspraak wil bereik. Is dit bloot informatief of is dit emotief of imperatief? Verder is die werklike spraakgebeure ook van belang: is die taal ingebed in die vorm van 'n onderhoud, 'n preek, pastoraat of dramatiese voorstelling? Volgens Nida speel al hierdie faktore 'n rol wanneer dit kom by die betekenis en vertaling van alle tekste. 'n Verdere aspek waarop Nida baie klem lê, is wat hy isomorfiese verhoudings in sekere gemeenskappe noem (bl 28—46). Hierdie aspek het te make met sekere grondoortuiginge van gemeenskappe wat 'n besliste invloed uitoefen op die taalgebruik van so 'n gemeenskap. 'n Sekere gemeenskap kan vuur sien as iets heiligs, terwyl ander weer dit ervaar as demonies. Vir eersgenoemde gemeenskap sou die beeld van die verdoemenis (hel) as bestaande uit 'n poel vuur dus geen sin maak nie en sal hierdie isomorfe relasie in die vertaling van enige werk verdiskonteer moet word indien 'n ekwivalente betekenis in die vertaling bekom wil word. Nida se bydrae word afgesluit deur hierdie beginsel aan te toon in sekere gedeeltes van Genesis, Lukas, Efesiërs en Matteus, waar hy dan ten slotte 'n patroon/model aanbied waarvolgens diskoerse geformuleer en geïnterpreteer kan word.

In die tweede bydrae hanteer VN Webb sekere aspekte van die sosiolinguistiese benadering wat belangrik is vir die vertaling en eksegese van godsdienstige taal. Linguistiese kommunikasie behels volgens hom altyd ses faktore wat lei tot die produksie van 'n boodskap/ teks. Hy beskryf dit soos volg:

(a) psigologiese faktore soos die bedoeling van die spreker, sy mening en houdings
(b) sosiale faktore soos die sosiale posisie van die spreker, sosiale rolle en sosiale konstantes
(c) situasionele faktore soos die spesifieke plek waar die taalgebeure plaasvind
(d) alle linguistiese bronne tot die beskikking van die spreker
(e) retoriese tegnieke soos genre, strategieë en vorme wat die spreker gebruik
(f) nie-linguistiese bronne soos kleredrag, uitdrukkings en liggaamstaal van die spreker.

Die sosiolinguistiese benadering sal dus die meeste klem op B en C laat val.

Na die volledige bespreking van elkeen van hierdie faktore gaan Webb dieper in op (d) (die linguistiese bronne van die spreker), en wel vanuit 'n sosiolinguistiese perspektief, omdat sy bydrae juis gemik is op die sosiolinguistiese aspekte van godsdienstige literatuur. Hier lê hy veral klem op die heterogeniteit van elke persoon, en verskillende literatuursoorte, se linguistiese sisteme. Myns insiens is hierdie bydrae van Webb van groot waarde omdat hy baie duidelik aantoon dat die identifisering van hierdie verskynsel op sigself nutteloos is, maar baie belangrik word wanneer 'n persoon sosiale verskuiwings ondergaan en sy taalgebruik daarom moet aanpas om steeds sosiaal aanvaarbaar te wees. Linguistiese heterogeniteit is dus in wese funksioneel; dit toon aan hoe 'n persoon vanuit sy totale linguistiese raamwerk kan selekteer om op verskillende sosiale vlakke en in verskillende sosiale situasies altyd aanvaarbaar en sinvol te kommunikeer. Om taal te verstaan sal die sosiale struktuur waarin dit plaasvind dus eers ontleed en geïdentifiseer moet word. Juis daarom moet die Bybel gelees en vertaal word in 'n direkte relasie tot die sosiokulturele konteks waarin dit ontstaan het en geskryf is. Webb sluit sy bydrae af deur laastens 'n aantal opmerkings te maak oor die nou reeds bekende proffesorale intreerede van Vorster oor die aard van die Bybelse literatuur as vertellings en saaktekste.

In 'n derde bydrae hanteer BC Lategan die verhouding tussen sosiolinguistiek en resepsie. Volgens hom is die sosiolinguistiek slegs 'n aspek van 'n breër belangstelling wat daar bestaan in tekste as funksionele kommunikasie. Aspekte soos funksie, sosiale konteks en empiriese analise is bekende begrippe wat reeds in die teorieë van Fuchs en Ebeling voorkom, asook in die filosofie van Heidegger. Hy plaas die sosiolinguistiek in die konteks van die teologiese hermeneutiek en toon aan dat die sosiolinguistiek die gevolg was van die ontwikkeling van die teologiese hermeneutiek waar die klem verskuif het van die ontstaan van tekste via die strukturele benadering na die resepsie van tekste.

Wanneer die sosiolinguistiek in 'n breër konteks geplaas word, sluit dit duidelik aan by die spraakhandelingsteorie van Austin. Ook lê sommige van die sosiolinguistiek se wortels in die historiese kritiek. Die Bybel word telkens in nuwe kommunikasiesituasies verkondig, wat reeds deur die historiese kritiek uitgewys is in die omvorming van die boodskap deur die vroeë kerk. Hierdie metode kan daarom aangewend word om die oorspronklike kommunikasiegebeure te probeer vasstel. 'n Derde aspek is dit wat Lategan 'teologieë van belang' noem. Verskillende situasies vereis verskillende teologieë (bv die Swart teologie). Die laaste wortel van die sosiolinguistiek is die hernieude belangstelling in die sosiologie van die Nuwe Testament. Vir Lategan is dit dus duidelik dat die verskuiwing in belangstelling vanaf die oorsprong van die teks na die resepsie daarvan, plus bogenoemde faktore, die breër verband is waarbinne die sosiolinguistiek funksioneer en gesien moet word.

Wat die presiese aard van die verhouding tussen die sosiolinguistiek en resepsie-estetika betref, werk Lategan sterk met die model van Wolfgang Iser en toon hy aan dat die verskillende lesings van een teks die gevolg is van die feit dat lesers verskillend geprogrammeer is, veral as gevolg van hulle sosiale agtergronde. Hier kan die verhouding tussen die sosiolinguistiek en die resepsieteorie duidelik gesien word. Soos die spraakhandelingsteorie en die pragmatiek 'n rol speel in die sosiolinguistiek, so vervul dit dieselfde rol in die resepsie-estetika.

In die vierde hoofstuk hanteer BA Muller die rol wat prediking speel in intergroepverhoudings. 'n Kort oorsig van wat 'n preek 'doen', word gegee, waarna die projek wat aangepak is om bogenoemde te bereik, verduidelik word en die resultate weergegee word. Hierdie resultate is myns insiens effens relatief en onvolledig as gevolg van die omvang van so 'n projek. Tog kan daarvan kennis geneem word, veral as 'n

duidelike voorbeeld van 'n praktiese toepassing van die sosiolinguistiese metode.

In die vyfde hoofstuk hanteer JP Louw die rol van die sosiolinguistiek in die analise van die teks self. Die eerste gevolgtrekking wat hy maak, is dat dit onmoontlik is om 'n gefikseerde teks se 'betekenis' te bepaal, juis omdat dit losgemaak is van sy oorspronklike kommunikasiesituasie. Aan sekere tekste kan daarom, bloot op gesigswaarde, totaal verskillende betekenisse toegeken word. Indien ons egter die ekstralinguistiese en paralinguistiese aspekte van die kommunikasiegebeure tot ons beskikking gehad het, sou die betekenis baie nouer vasgestel kon word. Om hierdie rede is paralinguistiese en ekstralinguistiese eienskappe belangrike semiotiese aanwysers en lê die hart van die sosiolinguistiek hierin opgesluit.

Dit is egter ook die kern van die probleem wanneer dit kom by die vertaling van tekste. Dikwels is daar meer as een lesing moontlik: hoe moet daar vertaal word? Louw toon eerstens 'n aantal van hierdie probleme aan deur onder andere te verwys na Handelinge 2: 39, Jesaja 53 en Johannes 3: 5, waarna hy die beste oplossing beskou as 'n vertaling wat sy keuses verantwoord in voetnote. Hierdie oplossing is myns insiens bevredigend, veral as daar in ag geneem word dat daar somtyds wel meer as een verantwoordbare lesing moontlik is. Louw sluit sy bydrae af deur te waarsku teen 'n oorbeklemtoning van sosiolinguistiese aspekte wanneer dit kom by die vertaling van tekste. Alle aspekte van taal moet verdiskonteer word, en daarom wil hierdie werkie slegs aantoon dat nuwere insigte (soos die sosiolinguistiek) voortdurend by vertalings verdiskonteer moet word. Die werk word dan afgesluit met 'n aantal gevallestudies wat deur die groep gedoen is. Hierdie gedeelte is baie insiggewend en toon duidelik aan hoe die sosiolinguistiek prakties tot uitvoering gebring kan word.

Vir almal wat belangstel in literatuurteorieë en vertaling van tekste is hierdie werkie van die Bybelgenootskap 'n noodsaaklikheid. Die groep moet geprys word vir die wyse waarop hulle hulle resultate so pragtig saamgevat het. Vir die leek sal die werk egter effens probleme skep omdat in die seminare self 'n magdom van literatuurteoretiese voorkennis veronderstel word. Die werk het homself ook nie skuldig gemaak aan 'n verabsolutering van die sosiolinguistiese metode nie. Regdeur die werk word 'n goeie balans gahandhaaf ten opsigte van ander teorieë en word die verbande met en tekortkominge van hierdie teorieë duidelik aangetoon, asook die tekortkominge en probleme in die beoefening van die sosiolinguistiese metode self. Die werk is verder

baie goed versorg, is sonder enige spelfoute, maar is tog stremmend op die oog wanneer dit gelees word as gevolg van dieselfde druktipe wat regdeur die werk voorkom. Hoofpunte en/of sleutelwoorde kon beklemtoon gewees het wat latere terugverwysings makliker sou maak.

Daar word met groot verwagtinge uitgesien na die volgende resultate in hierdie nuwe reeks van publikasies.

---

Engelbrecht, B (Wits) 1986 – Die tweeheid van kerk en staat

Johannesburg, Kaapstad: Perskor. 192 bladsye. Prys onbekend

Resensent: Prof PJT Koekemoer

## 1. WAT WORD HIER AANGEBIED?

Die boek wil 'n oorweging aanbied van die implikasies van die skrywer se uitgangspunt, naamlik die onverbiddelike, onontkenbare feit dat daar twee verskillende instansies bestaan wat in die volkslewe volle gesag dra, naamlik die kerk en die staat. Ons het dus nie voor ons 'n werkstuk wat handel oor die moontlike (goeie en slegte) verhoudings tussen kerk en staat nie. Die skrywer poneer die institutêre karakter van kerk en staat as 'n onontwykbare gegewenheid wat as 'n tweeheid en niks anders nie as 'n tweeheid, aan ons gegee is. Hierdie vertrekpunt, so duidelik reeds in die titel van sy boek èn die tekening op die buiteblad, laat die kundige leser reeds vermoed dat ons hier duidelike weerklanke sal vind van wat in die teologiese wêreld bekend staan as die 'teokratiese teologie', 'n teologie wat die twee instansies, kerk en staat, herken en erken as goddelike instellings, 'n teologie wat 'n hartgrondige pleitrede lewer dat die verhouding tussen kerk en staat, nieteenstaande baie vrae, teokraties verstaan moet word.

Wie kennis dra van die feit dat Engelbrecht 'n hartstogtelike student van die so-vroeg-gestorwe, onvergeetlike teoloog AA van Ruler was, en is, kan die titel van hierdie boek dadelik snap. Engelbrecht kan nie anders nie as om te sê (nie slegs na te sê nie) wat Van Ruler hieroor gesê het.

Let wel: Dit gaan nie slégs oor Van Ruler nie. Die eggo's van hierdie werk kom van ver. Biskoppe Lucifer, Athanasius, Hilarius en Hosius word uit die vierde eeu wakker gemaak, ja daar word verder terugge-

gryp tot op Origenes (185–254 nC). Engelbrecht gaan ook luister na Calvyn, Kuyper, Groen van Prinsterer, Hoedemaker en Haitjema. Dit is egter die hartklop van Haitjema se student, die geniale Van Ruler, wat op haas elke bladsy tussen die reëls gelees kan word. Hier is 'n boek, van begin tot einde gebou op die Skrif (sien ook sy Bybelverwysings bl 191 en 192), 'n boek wat langs die pad gaan stilstaan by Kerkgeskiedenis en Dogmengeskiedenis, om dan deur te stoot in die dogmatiese èn etiese vrae van die huidige dag. Kan daar vandag meer aktuele vrae wees as dié oor kerk en staat? Die politieke teologieë, hulle taal en boodskap, is nie misgekyk nie.

## 2. KORT OPMERKINGS OOR INDELING EN INHOUD

### 2.1 Sistematies

Engelbrecht gaan sistematies te werk. Hy het immers nie slegs aan die voete van Van Ruler gesit nie, maar is ook promovendus van Berkelbach van der Sprenkel. Hy dek die materiaal onder slegs twee hoofde: 'Die onderskeiding en samevoeging van kerk en staat' en 'christelike blik op die staat'. Die eerste deel noem hy ''n voorlopige verkenning'. In kort paragrawe (hoofstukke) hanteer hy die belangrikste vrae wat in 'n teokratiese besinning oor die ganse werklikheid na vore dring. Gedagtes oor 'kerstening' en 'christelikheid', evangelie en heidendom, versoening, staat en kerk, Jesus en die politiek, kerk en politiek, Staatkunde en Christelike teologie word bespreek.

### 2.2 Die 'volkskerk'

Reeds op bladsy 1, waar dit onder andere gaan oor die 'kerstening' van 'n volk, raak hy die begrip 'volkskerk' aan. Dit is nét 'n aanraking. Op bladsye 8 en 9 word sake duideliker gestel. Ek wens dat meer teoloë by wie hierdie begrip 'volkskerk' vandag uitgebak is, 'n steen des aanstoots geword het, kan snap wat die teokratiese teoloog Van Ruler daaroor te sê gehad het. Omdat ons nie hier met 'n aparte onderwerp, naamlik 'die volkskerk' te doen het nie, volstaan ons met 'n sitaat van Van Ruler se leerling, Engelbrecht, omdat hy met een hamerslag êrens 'n páár duime raakslaan wanneer hy sê: 'As ons sê dat elke kerk wat sy ware wese as kerk van Christus reg verstaan, tegelyk volkskerk is, dan beteken dit nie dat ons daarmee beweer dat die kerk en volk daarmee geïdentifiseer word, dat die twee nl kerk en volk, met mekaar presies

saamval, dat die grense van die volk óók die grense van die kerk is nie. Inteendeel, wat daarmee bedoel word, is dat in die koms van die kerk die liggaam van Christus aan die volk toegevoeg is, dat die volk nie nou meer die enigste realiteit is nie, maar dat die realiteit van Christus as die realiteit van die bevryding van die volk (van sy heidendom, van sy verstriktheid in die sonde) as 'n tweede realiteit daar by gekom het,' aldus Engelbrecht. Die teokraat Van Ruler word hier reg verklank. Om egter jou eie teologiese inhoud aan 'volkskerk' te gee (wat jy miskien nog êrens uit die politiek teologieë van vandag gaan leen het), en dan jou eie só-gevormde volkskerkbegrip as 'n soort bloed-en-bodem-teologie af te maak, is nie eerlike teologiese denke nie! Ek kan dit nie duideliker uitspel as Engelbrecht nie: 'Soos wat die mens **plus** Christus nie Christus word nie, so word die volk **plus** liggaam van Christus (d w s plus die kerk) nie kerk nie' (bl 8). Ons volstaan met nog 'n aanhaling van die skrywer hieroor: 'Juis vir die kerk as volkskerk bly dit noodsaaklik dat die grens tussen hom en die volkslewe nie uitgewis sal word nie. Ook die volk en die staat moet sy lewe, sy saligheid, buite homself in Christus soek, nl in die heilsboodskap wat deur die kerk geproklameer word. Die volkskerk is daarom 'n kerk wat die grense tussen homself, aan die een kant, en die staat en die volkslewe, aan die ander kant, angsvallig-nougeset handhaaf' (bl 10).

### 2.3 Enkele opmerkings oor 'skuld en versoening' en 'kerk en staat'

Die skrywer kan dit nie duidelik genoeg stel nie dat sy vertrekpunt, sy voortdurende vooronderstelling, die onvermengbare van Skepper en skepsel/skepping 'n tweeheid is. Hieruit vloei teologies voort die tweeheid van kerk en staat. Dit impliseer dat die wêreld nie alleen gelaat word nie, dat dit die Sképper se wêreld is, dat Hy dit liefhet, dat Hy dit herskep, verlos, versoen. Hy wat die God is van Israel en die Vader van Jesus Christus, tree toe tot sý wêreld wat Hy in welbehae geskep het. Die wêreld, waarvan die staat die harde kern is, moet egter bevry word van die monistiese waan dat hy in sy wese ook 'goddelik' is, god is. Daarom moet die wêreld, en daarmee saam die staat, 'ontgoddelik' word. Die geskiedenis bewys dat die staat by uitstek hom kan leen tot demonisering, dán wanneer hy opgaan in sy heidense selfbeskouing om god te wil wees. Dit is presies só 'n staat wat Van Ruler 'n 'spookhuis' noem. Hier het die kerk die roeping om as kerk-met-die-Woord-van-God, ontgoddelikend op die toneel te verskyn. Die staat moet **gekersten** word. Teokrasie impliseer dat die kerk

as 'n tweede, aparte substansie, nie uit 'n vergoddelikte synsgrond uitkruip nie; die kerk kom voort uit die openbaring van God. Die kruis van Christus word die ganse eksistensie ingedra, die staat inkluis. Die staat se skuld word versoen; hy word 'n dienaar van God (Rom 13), hy is nie meer die staat van Openbaring 13 nie. Dit bring die skrywer outomaties by die aktuele vraagstukke wat veral vandag deur die sogenaamde 'politieke teologieë' gestel word:

## 2.4 Politieke teologieë

Dit is een van die grootste verdienstes van die outeur dat hy nie terugdeins om te antwoord, spesifiek vanuit die Christologie, op die beskuldigings van Moltmann en kie as sou die kerk, die kerklike teologie, deel hê aan die 'duiwelskringe van ellende' nie. Die hoofstukke 'Jesus en die politiek' en 'kerk en politiek' is die illustrasie van 'n teologiese siening wat die Bybel gaan lees sónder 'n bril, die soort bril wat vandag mode geword het. Engelbrecht weier om die Woord te laat buikspreek. Ek haal aan: 'Die kerk as draer van God se boodskap van bevryding uit die mag van die bose, is kragtens sy wese 'n **eie instansie** in hierdie wêreld, en hy moet dit ook blý. As hy dit op homself sou neem om sekere "duiwelskringe van ellende" (Moltmann) in hierdie wêreld as die eintlike "duiwelskringe" te identifiseer, en dit van die ander "duiwelskringe" af te sonder, om hom met die ellende van hierdie spesifieke "duiwelskring" te vereenselwig (bv die van politieke verdrukking), dan trap hy in die slagyster van presies daardie bekoorlike, maar sataniese versoeking wat sy Heer in so 'n onbuigsame gehoorsaamheid aan God weerstaan het, en hy word self 'n instrument van die duiwel. En dit is ewe waar van alle ander vorme van vereenselwiging waarmee die kerk in hierdie wêreld 'n partyganger word van wat ook al' (bl 36). Engelbrecht is terdeë bewus van die suigkrag van dinge soos bloed en bodem en eie kultuur wat deur mense verabsoluteer word en van die kerk eis om dit te sanksioneer. Van regs en van links word die kerk 'opgevorder' om 'n stootkarretjie te word van een of ander ideologic, om homself volkome te vereenselwig met alles wat in die wêreld as 'hervorming' van misstande aangebied word. Nie die komende Godsryk moet sentraal staan in sy boodskap nie, maar die behoeftes van die talle verdrukte mense in Afrika en oor die héle wêreld! Nee, dit moet vir die kerk gaan om 'n boodskap van oordeel en genade en die regstelling van die gánse lewe voor God, oor die **totale** verlossing van die **hele** mens, ryk en arm, om die redding van die **hele**

wêreld uit sy totale verlorenheid. Die 'politieke teologieë' moet ontslae raak van hulle oogklappe om weer te kan sien dat die ganse skepping, en nie slegs sekere 'kringe' nie, 'sug in die pyne van verwagting' (Rom 8: 18–30). Engelbrecht wil klaarspeel met hulle wat kerk en staat wil usurpeer omdat hulle één enkele stuk ellende uit die groot skepping van God onder 'n vergrootglas gaan plaas het, 'n vergrootglas wat in hulle ideologie 'n brandglas moet word! 'Hulle ontken die soewereiniteit van die staat en stel téénoor enige gevestigde orde (die status quo) die "soewereiniteit" van chaos en van die gees van revolusie' (bl 40).

## 3. OPMERKINGS OOR DIE TEOKRATIESE 'BEWUSWORDING' EN 'BEWUSTHEID' IN DIE CHRISTELIKE KERK EN TEOLOGIE

Hier word 'n lang en breë terrein verken. Dit is nie moontlik om in hierdie bestek al die materiaal tot sy reg te laat kom nie. Ons sien hoe die teokratiese lyne gespan word wanneer God die Skepperheer in Israel en in Jesus Christus (Van Ruler op sy beste), toesnel op die voorwerp van sy liefde, die wêreld, om dit as sy eiendom vas te hou. Teokratiese bewuswording word geteken as ''n ontwaking, in die verskriklike nagmerrie van die chaos van die wêreldgebeure, tot die bewussyn dat alles nogtans in God se beheer is, dat Hy alle dinge in sy hand hou, dat die wêreld in die smeltkroes van sy ewige redding is. Ons leef in 'n wêreld wat verlos word!' (bl 51). Engelbrecht wil kerk en teologie daarop wys dat die saak wat deur die eeue heen net maar 'vergeestelik' is, die bekering, ook iets anders kan en MOET beteken, naamlik 'n bekering van ons wêreldafkerigheid tot 'n nuwe wêreldaanvaarding. Dit is immers nie die duiwel se wêreld nie, dis God se skepping. Daarom kan ons nie in ongeloof liefdeloos staan teenoor die aardse en stoflike dinge nie. Wie die kerk sien as 'n ontvlugtingsoord uit die sondige wêreld, maak van die kerk 'n afgod. Ons aardse lewe en álles wat dit omvat, sal gered word. Ons stoflikheid en liggaamlikheid, ons kultuurbedrywigheid van bo tot onder, die ganse samelewing in al sy sosiale en politieke gestaltes kom onder die teokratiese soeklig. Hiervan is die staat die samevattende uitdrukking. Niks minder nie as ons saligheid hang af van die begryping van die wêreld; die wêreld wat God liefhet.

Die staat tree op as subjek in die diens van God. 'n 'Bekeerde' mens sal die staat nooit oorlaat aan die duiwel nie. In 'n sekere sin was selfs Augustinus onbekeerd. Die gelowige moet HIER volhard tot die einde toe. Die staat is primêr, die kerk as die tussenspel tussen hemelvaart en

wederkoms ('tussen die tye') is sekondêr. Daarin bly die tweeheid onophefbaar. Die teokrasie het derhalwe niks gemeen met wat die skrywer noem 'religieuse tirannie' nie; die teokrasie is voluit gerig op die aardse, ware humaniteit. 'n Kerk-staat-verhouding waarin die staat slegs 'n uitvoerder van die opdragte van 'n politiek-magtige kerk is, of waarin die kerk se funksie ontaard het in een wat die politieke handelinge van die staat sanksioneer, is hoegenaamd geen teokrasie nie. Kerkheerskappy is uitgesluit. En as die kerk daar sou wees as godsdienstige instrument om die staat se optrede te 'seën', het ons te doen met 'n 'caeseropapistiese' simfonie van kerk en staat. Die tweeheid van kerk en staat moet onverbiddelik gehandhaaf word. Die kerk moet vry wees van staatsinmenging. Die staat moet vry en selfstandig teenoor die kerk staan in eie verantwoordelikheid voor God en teenoor die volk. Engelbrecht slaan nog 'n hamerhou wanneer hy daarop wys dat Pannenberg waarskynlik in die caeseropapistiese politieke diensbaarheid van die kerk aan die staat gestrand het. Ons gaan nie nader daarop in nie. Die één ding moet begryp word: 'n Teokratiese teologie staan vir die volkome selfstandigheid en onafhanklikheid van die staat van die kerk EN vir die volkome vryheid van die kerk van staatsinmenging. Die tweeheid van kerk en staat is en moet onvermengbaar bly.

## 4. DIE GEREFORMEERDE TEOKRASIE

Die outeur gee toe dat daar wel in 'n sekere sin van 'n 'kerkstaat' gepraat kan word. Dit is egter geensins gelyk aan die kerkstaat van die Middeleeue nie; dáár het die staat geen ander keuse gehad as om 'n onderworpene aan die kerk te wees nie. Die skrywer het die kerkgeskiedenis vanaf die vierde eeu aan die woord laat kom, in besonder die van die Westerse Kerk. Athanasius, Hilarius, Hosius en andere wys reeds heen na 'n teologie waarin ook die horisontale heiliging van die ganse bestaan, tot in sy politieke dimensies, tot sy reg moet kom. Die keiser is OOK aan die Woord van God onderworpe en hy moet hom daarvan weerhou om seggenskap in kerklike sake te kry. Dit is presies wat Calvyn betoog in hoofstuk XX van boek 4 van sy Institusie. Calvyn het geleer dat die volkslewe in sy totaliteit georden moet word deur die tug van die wet van God en wel onder die onvermengbare tweeheid van die kerklike en burgerlike owerheid. Hierin verskil Calvyn grondig met Luther en Augustinus wat die owerheid verlaag tot 'n soort van 'noodsaaklike' kwaad.

Wat die teologie van Kuyper betref, vra Engelbrecht die één indringende vraag: Kan dit nog heil vir die wêreld heet as die teologie uitgaan van die gedagte dat daar alleen **in die kerk** vir die wêreld heil is?

Dis 'n behóórlike vraag! Om die ganse bestaan onder die koepel van die kerk in te stoot en om dan daardie deel van die wêreld wat hom nie wil laat instoot nie, as die 'verlore wêreld' af te skryf, kán tog nie. Derhalwe konkludeer die outeur: Hierdie 'neo-Calvinistiese teologie was géén teokrasie nie'. Kuyper wou alles verchristelik (verkerklik) en het die idee van 'n neutrale staat aanvaar. Kuyper kon hom in elk geval hier nie op Calvyn beroep nie.

Vervolgens trek Engelbrecht die teokratiese lyn via Groen van Prinsterer, Hoedemaker en Haitjema tot waar dit kulmineer in die onvergeetlike Van Ruler, 'die grootste van die moderne teokrate'. Om Van Ruler se teologie in 'n neutedop te 'definieer', is nie maklik nie. Wie die ses dele van sy *Theologisch Werk* (afgesien van al sy vroeëre publikasies) rustig deurgelees het, sal verstaan waarom Van Ruler se studente dikwels 'gekla' het omdat hulle leermeester so onbegryplik kon raak. Dit is jammer dat Van Ruler in Suid-Afrika nie tot sy reg gekom het nie. Engelbrecht is van die weiniges onder die teoloë van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat in die res van hierdie boek, soos ook in ander publikasies, die drade optel, dit verder deurtrek en poog om dit toe te pas tot binne ons huidige politieke situasie. Ek gaan die res van hierdie boek waarin die skrywer, vanuit Van Ruler se teokrasie, 'n selfstandige blik op die staat werp, daar laat. Ek dink dat enige teoloog, of wie ook al, wat geïnteresseerd is in die hedendaagse gekompliseerde verhouding van kerk-staat, hierdie boek nie sal kan miskyk nie. Persoonlik mis ek die een ding: Hoe gaan die teokrasie lyk in 'n staatsvorm waarin Christen, Jood en Mohammedaan onder een koepel ingetrek word? Kan prof Engelbrecht nie êrens vir ons sê hoe hy spesifiek híérdie saak sien nie? Ons sal hom daarvoor dankbaar wees, net so dankbaar as wat ons is vir hierdie boek.

Dit is 'n boek wat op meer boekrakke as net dié van teoloë (vakteoloë en predikante) behoort te wees.

---

**Du Preez, J, Pauw, CM & Robinson, PJ 1986** – Sendinggenade
**Feesbundel vir WJ** van der Merwe

Bloemfontein: NG Sendinguitgewers. 256 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent:** Dr DJC van Wyk

Dié werk is 'n feesbundel, opgedra aan prof WJ van der Merwe by geleentheid van sy tagtigste verjaarsdag. Van der Merwe was professor in Sendingwetenskap aan die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch gedurende die jare 1959 tot 1974. Naas 'n omvattende curriculum vitae, wat die besonder ryk en geseënde loopbaan van hierdie akademikus, sendeling en kerkman weerspieël, bestaan die werk uit twintig sendingwetenskaplike opstelle. Aan die werk is 'n uitgebreide struktuur gegee: Personalia, Sendinghistories, Sendingteologies, Samelewing, Kultuur en Religie, Sending en Praktyk. Die belangrikste sendingkundige vraagstukke van die huidige tyd word aangesny.

In enige huldigingsbundel met 'n omvangryke getal onderwerpe en medewerkers is daar beter en swakker bydraes. Afgesien daarvan, is die groot getal sendingkundiges wat uit Nederduitse Gereformeerde Kerkgeledere vir die werk bydraes gelewer het, indrukwekkend. Dit huldig nie net die man aan wie die bundel opgedra is nie, maar getuig ook van 'n Kerk wat intens en met groot erns en gehoorsaamheid by die opdrag van sy Heer betrokke was en is.

Verskeie van die opstelle is prikkelend en van gehalte, soos byvoorbeeld dié van GC Oosthuizen: *Die inheemse kerke en die modernisasieproses in sekulariserende gemeenskappe.* Sy ontleding van die skeidslyn wat die tydperk 800–200 vC in die denkgeskiedenis van die mensdom gebring het, is insiggewend, asook die ontleding van die agterstand wat die Afrikamens, wat nie die primale era oorwin het nie, ten opsigte van terme soos tyd en toekoms ondervind. Hierdie kennis en insig is onontbeerlik vir enige kerk wat in Afrika sendingwerk doen.

Die meeste van die opstelle handhaaf 'n goeie teologiese peil. In die geheel beskou, is die werk meer as net 'n feesbundel. Dit is, hoewel populêr-wetenskaplik geskryf, 'n sendingkundige werk waarvan goeie kennis geneem behoort te word.

Daar is egter ook probleme, byvoorbeeld: In die bydrae van J du Preez oor sendingperspektiewe in die sakrament van die nagmaal, kom uitsprake voor wat nie oortuigend gestaaf word nie. Sendingperspektiewe word op 'n gedwonge wyse aan die nagmaal opgedring. Daar word aangehaal uit die instellingswoorde van die nagmaal in 1 Korintiërs 11 (nie 1 Kor 10 soos in die betrokke artikel aangedui nie) naamlik 'Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap *(koinōnía)* met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap *(koinōnía)* met die liggaam van Christus nie?' Dan konkludeer die skrywer direk: 'Op grond hiervan sou 'n mens sonder meer die stelling van talle skrywers kan aanvaar dat

die gemeenskap met Christus in die nagmaal onder meer neerkom op deelhê aan sy sending in die wêreld.' Maar hoe volg die een op grond van die ander? Meer sulke uitsprake kom in dié artikel voor.

In 'n bydrae van CM Pauw oor die geskiedenis, taak en plek van die Sendingwetenskap kom ons insiens 'n oorskatting van die terrein van die Sendingwetenskap voor. Die skrywer is bewus van die gevaar dat, as alles sending gemaak word, daar later niks meer van sending oor is nie. Tog trap hy in die slagyster. Teologie is volgens hom in sy wese missionêr. Daarom moet die Sendingwetenskap die rol van wegwyser en inisieerder speel. Sendingwetenskap het 'n integrerende en deursurende rol, 'n verhelderende en korrigerende funksie. Die Sendingwetenskap moet as tussenganger en vertolker optree om kontak en skakeling te bewerk. Sendingwetenskap moet aandag hê vir die bestaansnood van mense, vir wêrelddiakonaat en ontwikkeling-samewerking. Dit is, in 'n origens goeie bydrae, 'n ongeregverdigde uitbreiding van die Sendingwetenskap om alles in te sluit. Ander dissiplines in die teologie sal hierin 'n arrogansie aanvoel. 'n Bietjie meer Bybelse beskeidenheid sal ook by die Sendingwetenskap pas.

Die opstel van EDJ Jacobs naamlik *Swart teologie – missionêre implikasies?* toon sterk simpatie met die bevrydingsteologie. Die respons van G van der Merwe in sy bydrae *Christelike sending as bevryding?* slaag nie daarin om die eensydighede in die artikel van Jacobs reg te trek nie. Jacobs behandel die Eksodus-tema en stel dat die Bybelse verhaal die menslike faktor in die bevryding reflekteer. Wie die menslike handeling in die bevrydingsproses negeer, dink dualisties. Hier duik werklik ernstige vrae op. Die hart van die Bybel lê tog nie in die Eksodus-motief nie, maar in die verlossing deur Jesus Christus? Aan dié verlossing werk die mens op geen wyse mee nie! 'n Laaste vraag: Rig Swart Teologie nie ook geweld aan Bybeltekste aan nie?

Die werk neig uiteindelik swaar in die rigting van die eenheidsdwang van die ekumene asook in die rigting van 'n opgaan van die sending in sosio-politieke betrokkenheid. Dit skaad die standaard en ewewig van die werk.

Indien die groep medewerkers aan hierdie bundel enigsins verteenwoordigend is van die sendingdenke binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het ook dié Kerk, soos die meeste ander kerke vandag, by 'n kruispunt in sy sendingwerk en sendingdenke gekom. Ou weë moet verlaat word ter wille van 'n multidimensionele sendingbenadering. 'n Mens wil hoop dat dié nuwe weë Bybelse weë sal bly.

Heyns, JA 1986 – Teologiese Etiek 2/1

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 452 bladsye. Prys R25,75

Resensent: Dr RM Naudé

## 1. ALGEMEEN

Hierdie boek is deel van 'n selfstandige etiese werk. Dit is alreeds merkwaardig, gesien teen die historiese agtergrond. Etiek is nie altyd as selfstandige vakgebied beskou nie. Augustinus het sy etiek ingeweef in sy dogmatiek. Calvyn het etiek in sy Institusie as 'n dogmatiese onderdeel behandel. Karl Barth het etiek ter sprake gebring as dele van die dogmatiek. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die situasie egter drasties verander. Etiese stof het toegeneem omdat die problematiek op etiese gebied as gevolg van verskeie faktore al hoe groter geword het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat etiese werke nie langer as deel van die dogmatiek aangebied kon word nie, maar as 'n selfstandige werk moes verskyn. Dié voorwaarde is egter gestel: Etiek mag nie los van die dogmatiek hanteer word nie. As ons let op hierdie ontwikkeling wat plaasgevind het, kan die Teologiese Etiek van Heyns 'n baanbreker in Suid-Afrika genoem word. Dit bied 'n wetenskaplike besinning op lewensvrae en vervul só in 'n behoefte wat bestaan op die gebied van die Christelike Etiek, die Kerk en die samelewing. Alhoewel dit deel van 'n selfstandige etiese werk is, staan dit nie los van dogmatiese bindinge nie. Die norme wat gestel word vir die sosiaal-etiese lewe sowel as die etiese model wat gehandhaaf word, is dogmaties-eties van aard.

## 2. DIE ETIESE MODEL

Heyns beskrywe sy etiek as 'n Koninkryksetiek. Hy doen dit op die voetspoor van AA van Ruler. Dit is Heyns se oortuiging dat die bestemming van die verskillende samelewingsverbande vanuit die Skrif gedoen moet word en dan veral vanuit die skopus van die Skrif, naamlik die Koninkryk van God. Die Koninkryk vorm nie 'n eindpunt nie maar wel 'n vertrekpunt van die besinning oor die sosiale etiek. Die Koninkryk word gesien as die ruimte waarbinne die ganse lewe afspeel. Die samelewingsverbande soos die huwelik, gesin en kultuur word beskou as Koninkrykgestaltes. Elke samelewingsverband is 'n klein koninkrykie waardeur die absolute heerskappy van God geproklameer

word. Die wyse waarop die outeur aan hierdie model inhoud gee, skep die indruk dat hy 'n formalistiese beskouing van die Koninkryksetiek toepas. Hy beskryf die Koninkryk as 'n oproep aan die burgers van die Ryk om die sosiale lewe as die terrein van God se onbetwisbare alleenheerskappy te proklameer. Die burgers van die Koninkryk is heer soos hulle Here. Hulle handel volgens die grondwet van die Koninkryk, naamlik die Bergrede en die Tien Gebooie. Dit word nog sterker gestel: wie burger van die Koninkryk geword het, kan nie anders as om die grondwet te gehoorsaam nie. Só word die Koninkryk waar die mens koning is, 'n weerspieëling van die Koninkryk waar God Koning is. Konkreet gesien, beteken dit dat die burger wat volgens die grondwet van die Koninkryk leef, nie 'n huwelik kan beeïndig nie, nie kan uitbuit nie, nie kan moor nie, nie kan geweldpleeg of onreg duld nie, nie 'n ander mens kan haat nie. Omdat die klem gelê word op die burgerskap en die grondwet van die Koninkryk asook die handeling van die mens as nie-anders-kan-nie, word die mens geplaas binne 'n bepaalde toestand waarin die evangelie verwetlik word. Die eise van die Koninkryk van God word direk op hierdie wêreld toegepas en só word die totaliter-aliter karakter van die gevalle wêreld misken. Dit is opmerklik dat die mens as begenadigde sondaar nie ter sprake kom nie. Daarom skemer hier iets deur van die *theologia gloriae*. In die Koninkryksetiek word die mens nie beskou as 'n sondaar wat geregverdig moet word nie, maar as 'n wese wat in staat is om ten opsigte van gedagtes, woorde en werke ten volle gehoorsaam te wees aan die eise van die Koninkryk.

Christelike etiek is egter in sy wese genade-etiek (o a Bultmann, Barth, Soe, Ott en Thielicke). Dit konfronteer die mens nie met 'n toestand nie, maar met die handelende God wat die sondaar vergewe. Hierdie model verseker dat die mens steeds as deel van die gevalle wêreld gesien word en dat hierdie mens deur die liefdevolle daad van God aangespreek word. Dit bring mee dat die begenadigde mens in diens van God wil staan (Tit 2). Genade omvorm die mens en neem sy hele lewe in beslag sodat hy geboorsaam wil wees. In dié verband het die eskatologie betekenis vir die Christelike etiek. Op grond van Openbaring 1: 6 sê BJ Engelbrecht: 'ons vind genade in die oë van die Koning en ons kry uit genade, gratis, koninklike status en geskenke.' As begenadigde konings wil ons God se heerskappy erken en versprei. Dit is iets totaal anders as die meganiese nie-anders-kan-nie van die Koninkryksetiek.

Hierdie twee modelle (Koninkryksetiek en genade-etiek) verskil nie alleen wat uitgangspunt betref nie. Daar is ook 'n verskil in die

hermeneutiek van die etiek. Volgens die Koninkryksetiek wat werk met die Koninkryk as vertrekpunt en die grondwet as wet vir die lewe, word die Skrif deontologies hanteer. Volgens die genade-etiek wat die mens beskou as deel van die gevalle wêreld, word die Skrif dialekties hanteer. Dit is egter opmerklik dat die Koninkryksetiek soos Heyns dit hanteer, tot 'n mate ooreenstem met die dialektiese Skrifgebruik van die genade-etiek wanneer dit kom by praktiese aangeleenthede. Sy standpunt oor egskeiding weerspieël dit: 'Maar God wil, juis kragtens Sy genade, die mens in sy diepe sondigheid aansien en sy lewe in die sonde enigsins moontlik maak. Daarom is egskeiding God se genadige noodordening wat Hy as uiterste maatreël toelaat vir mense wat in sonde verkeer'. Dit is nie net 'n toelating vir sondaars, dit wil sê, vir mense wat buite die Koninkryk leef nie, maar ook vir burgers van die Koninkryk (bl 170). In verband met die hertrou van geskeides word gesê: '. . . allereers sal met die feit van die genade in Christus Jesus rekening gehou moet word. Wanneer 'n mens in sonde geval het en met hartgrondige berou oor sy sonde vergewing soek, ontvang hy dit. Die sonde wat eenmaal vergewe is, is vir altyd vergewe en wie vergewe is, ontvang 'n nuwe lewe. Daarom mag ons nie meen dat 'n geskeidene, wie se huwelik om watter rede ookal ontbind is en wat weer in die huwelik getree het, voortdurend in 'n toestand van sonde lewe nie' (bl 173). As etiese beginsel met betrekking tot die mediese etiek word gesê: 'Terwyl ons dan norme hieruit (uit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing) ontleen, wil ons die konkrete situasie nie ontken nie maar wil die probleem wat die situasie bied in 'n gehoorsame luister na die getuienis van die Skrif probeer oplos.' Hiermee word 'n dialektiese Skrifgebruik gehandhaaf teenoor die aanvanklike deontologiese benadering wat die Skrif as wetboek vir ons lewe sien. Die resultaat hiervan is 'n weerspreking tussen uitgangspunt en praktyk. Eintlik is dit die onvermydelike resultaat as die Koninkryk as uitgangspunt gesien word in plaas van as eindpunt van die Christelike etiek. Die Koninkryksperspektief behoort aan die einde van 'n etiese werk ter sprake te kom soos in die geval van Geesink en Aalders.

## 3. INHOUDELIK

Inhoudelik het die outeur aandag gegee aan 'n wye veld van aktuele sake. Hy bespreek die ontaarding en die herstel van samelewingsverbande deur konstitusionele en anti-konstitusionele metodes. Dit sluit passiewe, aktiewe en gewelddadige weerstand in. Die huwelik met al

sy verbande soos die wese van die huwelik, seksualiteit en die verhouding tussen man en vrou word bespreek. Die gesin met al sy verbande soos gesinsbeplanning, verhoudinge en opvoeding kom ter sprake. Die laaste samelewingsverband wat behandel word, is kultuur. Hieronder word sake aangeraak soos arbeid, tegniek, wetenskap, mediese etiek, regsetiek, kuns, kommunikasiemedia, ontspanning en sport. As gevolg van die omvang hiervan, word volstaan met enkele opmerkings. Dit is opmerklik dat vraagstukke soos aborsie en kunsmatige inseminasie uit die isolasie van die mediese etiek gelig is en geplaas is binne die gesinsverband. Dit sê alreeds dat die problematiek rondom hierdie twee vraagstukke begrens word deur die gesinslewe en dat tegniese moontlikhede beperk word deur die welsyn van die gesinslewe en die aard van die huwelik. Heyns stel: 'ons is van oortuiging dat KIS in stryd is met die diepste wese van die huwelik' (bl 208). Hiermee kan saamgestem word. Wanneer Heyns egter stel dat KIS owerspel genoem kan word, kan dit bevraagteken word. Owerspel veronderstel 'n seksuele daad terwyl met kunsmatige inseminasie die derde persoon as onbekende persoon betrokke is. Wat gesinsbeplanning betref, is dit jammer dat in 'n resente werk soos hierdie nie aandag gegee is aan die eietydse probleem van gesinsbeplanning nie, naamlik, insentiewe en disinsentiewe maatreëls *(incentives* and *disincentives)*. Tot nou toe is die probleem van gesinsbeplanning gesentreer rondom die vraag of beperking geoorloof is en watter middele deur persone gebruik mag word. Die nuwe vraagstelling is watter metode die Staat mag toepas om bevolkingsgroei te ontmoedig. Insentiewe maatreëls wil deur middel van aansporing 'n groot kindertal ontmoedig, byvoorbeeld deur vergoeding. Disinsentiewe maatreëls wil deur middel van strafmaatreëls 'n kleiner kindertal afdwing, byvoorbeeld deur middel van belasting en inkorting van voorregte. In die lig van die geweldige bevolkingsgroei in ons land het maatreëls dringend geword. Dit stel nuwe eise aan die Christelike Etiek waaraan indringend aandag gegee sal moet word.

In die lig van die probleem van die eiewetlikheid van lewensgebiede *(Eigengesetzlichkeit)* is dit verblydend dat die outeur die mediese etiek sowel as die regsetiek plaas onder etiese norme. Die etiese vraag waarmee die mediese etiek gekonfronteer word, is of dít wat tegnies moontlik is ook geoorloof is? Hierdie vraagstelling is belangrik in die lig van die gesekulariseerde mens wat ook op mediese gebied selfbeskikkingsreg wil uitoefen. Eie aan die Koninkryksetiek wat dwingend wil ingryp in 'n mens se lewe, word te veel klem gelê op die regte van

die mens. Die gevolg hiervan is dat in die mediese etiek selfs botsende regte na vore kom. Die reg van die medikus om behandeling voor te skryf (bl 319) kom te staan teen die reg van die pasiënt om te weier om mediese behandeling te ontvang (bl 334).

In die regsetiek konsentreer Heyns op die wese van die reg en die plek van die etiese daarin. Hy beskrywe die ontiese reg, dit is die aard van die reg in die lig van die Skepperwil van God asook die positiewe reg as wette en maatreëls wat die samelewing orden. Die handeling van die mens kom ter sprake in die privaatreg, kontraktereg, handelsreg en strafreg. Alhoewel die handeling van die mens hiermee aandag geniet het, is die mensbeskouing van die regsetiek nie behandel nie. Die mensbeskouing handel oor die toerekeningsvatbaarheid van die mens vir sy dade, die vraag na die willoosheid van sy handeling, opset, skuld en versagtende omstandighede. Dit is juis op hierdie gebied van die uitoefening van die reg dat die regsetiek bevraagteken word en eiewetlikheid al hoe meer dreig. 'n Voorbeeld hiervan is die probleemkompleks rondom die vraag na toerekeningsvatbaarheid van iemand wat 'n misdaad pleeg onder die invloed van drank. Die Christelik Etiek het ten opsigte van die mensbeskouing van die regsetiek 'n groot bydrae om te lewer.

## 4. SLOTOPMERKING

Die omvang van Teologiese Etiek 2/1 getuig van grondige en indringende studie en ontleding van talle sake wat hoogs problematies is. Dit verg nie alleen volharding nie, maar ook noukeurigheid en insig. Die resultaat van hierdie getroue wetenskaplike arbeid is 'n werk waarop met trots voortgebou kan word. Ons wil die hoop uitspreek dat die Teologiese Etiek van dr JA Heyns die fondament sal vorm vir verdere wetenskaplike besinning tussen die etici van Suid-Afrika onderling.

Dr Heyns word gelukgewens met die belangrike werkstuk wat hy gelewer het.

---

**Van Wyk, JH & Vorster, JM** (red) **1985** – Altyd Reformeer : **Besinning oor politiek en godsdiens**

Braamfontein: De Jong. 183 bladsye, 16 opstelle deur verskeie medewerkers. Prys R12,90 plus AVB

Resensent: **Dr JMG Storm**

'n Bundel van 16 opstelle waarin die Suid-Afrikaanse politieke situasie in die lig van die Bybel bekyk word. Die skrywers se bedoeling is, volgens hulleself, om op die grondslag gelê deur die Reformatore van die sestiende eeu, naamlik *ecclesia reformata semper reformanda,* 'n woord te spreek oor die samelewing. Die Woord van God het beslis 'n sê óók oor die samelewing, wat beteken dat die samelewing dus voortdurend moet reformeer, moet terugkeer na die riglyne wat in God se Woord vervat is.

Agtereenvolgens word in hierdie werk die volgende sake (na omgesien en) bespreek:

Nasionalisme: Prof LF Schulze.
Diskriminasie: Prof LM du Plessis.
Pluralisme: Prof Marinus Wiechers.
Etiek en politiek: Prof JH van Wyk.
Versoening: Ds AJ du Plessis.
Eenheid: Ds DC Coetzee.
Verandering: Dr WJ de Klerk.
Koninkryk en politiek: Prof L Floor.
Kerk en politiek: Dr JM Vorster.
Sending en politiek: Ds Gert Kruger.
Prediking en politiek: Prof JJ van der Walt.
Kerkjeug en politiek: Ds Theuns Eloff.
Die Christen-vrou en politiek: Mev M de Klerk.
Uit die kerkgeskiedenis: Prof JH van Wyk.
Lesse uit Zimbabwe: Ds Marius Schalekamp.
Die Christen in gesprek met die toekoms van Suid-Afrika: Dr JM Vorster.

Uitgaande van die standpunt dat hervorming in Suid-Afrika broodnodig is en dat sodanige hervorming 'n antwoord sal bied op die gees van rewolusie, word daar baie krities gekyk na die denk-, leef-, kerklike en politieke wêreld van die Afrikaner en sy kerk. Met so 'n voorafingenome standpunt is dit te verwagte dat partypolitieke sentimente en emosiebelaaide argumente teëgekom sal word – wat dan ook inderdaad die geval is by party artikels.

Die bundel bevat egter 'n klompie puik artikels waaronder die volgende:

Etiek en politiek: JH van Wyk.
Koninkryk en politiek: L Floor.
Prediking en politiek: JJ van der Walt.
Die Christen-vrou en politiek: Mev M de Klerk.

*Altyd reformeer* is 'n stimulerende boek wat die leser aan die dink sit oor sake wat hom raak in sy alledaagse lewe. In hierdie sin slaag die skrywers in hulle doel. Kritiese vrae wat myns insiens verdere besinning verdien 'om 'n helpende hand te reik aan hulle wat rigting en helderheid soek in die verworde tyd waarin ons land hom bevind' is:

- Is dit werklik sondige diskriminasie as 'n volk wetlike reëlings tref vir sy voortbestaan?
- Indien Bybelse hervorming eis dat die sogenaame 'Ideologie van Apartheid' in sy totaliteit afgeskaf moet word, mag ons stop voordat skole geïntegreer is en die punt van een-man-een-stem bereik is?
- Is dit vir die kerk werklik nodig om sy eenheid te demonstreer? Vervang die universele kerk noodwendig die volkskerk?
- Is dit werklik die taak van die kerk om vir strukturele hervorming te werk?
- Is die verkondiging van die Nuwe Testament nie juis gerig op die mens in die struktuur nie?
- As die kerk van vandag die inskakeling van verskeie bevolkingsgroepe in 'n gemeenskaplike ekonomiese, maatskaplike en kerklike eenheid (in teenstelling met apartheid) vir Suid-Afrika eis, val dit nie in dieselfde slaggat as waarvan die kerk van die verlede beskuldig word nie, naamlik dat 'n bepaalde politieke sisteem vanuit die Bybel geëis en gepreek word.
- In hoe 'n mate beïnvloed die politieke situasie die prediking van die kerk?

---

**Robinson, PJ & Botha JG (red) 1986 – Wat is sending?**

Malmesbury: Swartland Drukpers. 168 Bladsye. Prys R7,00

**Resensent: Prof HG vd Westhuizen**

Hierdie publikasie bevat die referate, besprekings en besluite van 'n werkswinkel vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie op 1–3 April 1986 oor sending.

Uiteraard word die werkswinkelopset in die publikasie weerspieël. Dit bring mee dat daar nie alleen 'n groot verskeidenheid van bydraes is nie, maar ook bydraes van 'n wisselende standaard. Daar was vyftig geregistreerde deelnemers.

Die tema, naamlik die vraag na wat sending is, word aangevoer deur AM Hofmeyer met 'n bestekopname van huidige sendingaksies binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Dit bied 'n goeie oorsig van die omvangrykheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingaktiwiteit. AA Odendaal (jr) gee 'n bestekopname van sending deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika. JG Botha doen dit met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika. In hierdie stadium word die antwoord wat die publikasie in die algemeen op sy titelvraag wil bied, reeds duidelik, naamlik die verwydering van 'n politieke sisteem, genaamd apartheid: 'Die SKGA is daarom van oortuiging, dat heil ('heelmaking') vir die Suid-Afrikaanse apartheidsamelewing slegs saam gesoek kan word' (bl 47). 'Prof Krige spreek sy waardering uit vir die referent se fokus op die aftakeling van apartheid as teken van gehoorsaamheid. . .' (bl 51). In dieselfde bespreking meen prof Bosch dat aparte kerkorganisasies vir Blank en Nie-blank in 1857 begin het weens 'n liberale kerkbeskouing '. . . en daarom is mense wat anders dink, anders praat, anders lyk as ons, georganiseer in 'n aparte kerk. Dit is 'n tipiese liberale kerkbeskouing wat daar na vore gekom en posgevat het' (bl 52).

JJ Kritzinger bied 'n interessante fenomenologiese sketsmatige kolomme-kategorisering waaruit onder andere die volgende blyk: **Waarheid** is vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die NG Kerk in Afrika 'ortodoksie', maar vir die NG Sendingkerk en die Reformed Church of Africa 'ortopraksie'. **Sending** is vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die NG Kerk in Afrika uitnodiging tot bekering en aansluiting by die kerk, maar vir die NG Sendingkerk en die Reformed Church of Africa is dit 'humanisasie', sosiale verandering. **Antropologies** gaan die Nederduitse Gereformeerde Kerk en NG Kerk in Afrika uit van die sondeval, maar die NG Sendingkerk en Reformed Church of Africa van die skepping. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en NG Kerk in Afrika be**oordeel** die wêreld negatief maar die NG Sendingkerk en Reformed Church of Africa doen dit positief. Die teologiese tendense wat ek dus in **Ekume – Marx?** uitgespel het, word ook in hierdie ontleding geïdentifiseer. In die bespreking was dit weer prof Krige wat 'oordeel dat die referaat baie meer van die bevrydingsteologie moes gemaak het' (bl 60). Ook Bosch voel in sy

reaksie ongelukkig dat Kritzinger Bybelse teologie en situasie-teologie só langs mekaar plaas.

JC Adonis evalueer die sendingbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk krities. Hy kom tot die gevolgtrekking 'dat hierdie sendingbeleid van die NGK in feite geen sendingbeleid is nie en dat dit ook niks met sending in die bybelse sin van die woord te doen het nie . . . Hulle sendingbeleid (is) 'n onderdrukkingsinstrument waar Swart en Blank nie as gelykes beskou en behandel word nie. . .. Die beleid het alleen te maak met die selfbehoud van die Afrikanervolk' (bl 83, 84). Verder word die spreker se idioom nog duideliker hoorbaar wanneer hy sê: 'Verder is ons van mening dat die *kairos* vir die NGK al lank aangebreek het om nie net sy, deur die apartheid bepaalde sendingbeleid op te gee nie, maar om . . . daadwerklik saam te span in die skepping van 'n regverdige samelewing in SA' (bl 84).

In die responsie op Adonis was DS Snyman, sendingsekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, redelik grondig om die spreker se verwaandheid aan die kaak te stel. Maar prof Bosch het dit 'frustrerend ervaar dat die responsie nie werklik die indringende kritiek van dr Adonis behandel nie'. (bl 101). Op bladsy 105 kom Adonis tot 'n erkenning, na aanleiding van ds Mostert se mening oor nasionalisme, dat hy nie nasionalisme in die algemeen afkeur nie, maar wel Afrikaner-nasionalisme!

Die prinsipiële besinning oor sending deur DJ Bosch is, soos gewoonlik, sprankelend links. Sy beeld van die Goddelike opdrag wat deur die evangelie as prisma in verskillende rolle van sending uiteenbreek, sou bydra tot 'n suiwerder verstaan van sending, indien die opdrag as die wit lig van die evangelie gesien word wat deur die gelowige as prisma tot die verskillende lewensterreine se veelkleurigheid opgebreek word.

Die meeste van die besprekings rondom Bosch se referaat hou verband met ons sogenaamde 'context of violence and counter-violence, of systemic violence and revolutionary violence' (bl 123). J du Preez lewer egter 'n baie goeie antwoord op Bosch se voordrag.

Die hele publikasie bou op tot 'n werksdefinisie van sending. So het die werkswinkel immers ook die formulerings '"positief rondgemaal" . . . in 'n poging om bymekaar uit te kom' (bl 151). In hierdie rondgemaal het die positiewe stemme van Snyman, Mostert, Celliers, Crafford, Du Preez, Kritzinger en andere verdwyn. In hierdie malery het Bosch onder andere gesê dat hy uit sy eie ervaring meen dat 'die deursnee blankes in "fool's paradises" lewe en nie weet dat die hele land in die

diepste dieptes van die begin van 'n burgeroorlog gewerp is nie' (bl 153).

Uiteindelik is die doel van die werkswinkel bereik: 'n werksdefinisie vir sending. Dit beslaan twee volle bladsye. Dit bevat die volgende:

(1) **Geloofsbelydenis** (gangbaar). (2) **Implikasie** (die organisatoriese eenheid van die NG Kerk-familie). (3) **Skuldbelydenis** (oor apartheid wat 'n sondige verskeurdheid meebring waardeur die heidene God se Naam dalk belaster (Rom 2: 24) ('Here wees ons genadig!'). (4) Verklaring ('bereid om te werk vir die afskaffing van apartheid en die totstandkoming van 'n regverdige bestel in Suid-Afrika'). (5) Gebed (dat die wêreld tog met hierdie soort sending die tekens van die koninkryk moet raaksien!)

Dit is verstommend om te sien watter argumente en voorbeelde aangevoer word om apartheid te vernietig. Twee verdere pertinente voorbeelde sal voldoende wees. Eerstens die ds Huet-geval. Hy word verskeie kere (bv bl 70, 99) as getuie geroep oor die verhouding van die Voortrekkers teenoor die 'inboorlinge'. Op bladsy 85 figureer Huet se geskrif: *Het lot der zwarten in Transvaal* (1869) as gesagvolle bron. Van hierdie man sê die historikus, prof SP Engelbrecht, in sy *Album* (1965), bladsy 69:

> Die predikante van die Hervormde Kerk, die Transvaalse voormanne. . . en die grootste deel van die bevolking was mikpunte van sy aanvalle. Zoutpansberg met die dorp Schoemansdal was in sy oë veral baie berug. Die swartes was die onskuldige, onbedorwe natuur-mense wat deur die wrede Boere beoorlog word omdat die Boere slawehandelaars was. Ds. Huet was in baie opsigte heeltemal 'n geesverwant en 'n dissipel van dr. Van der Kamp en dr. Philip . . . .

Op bladsy 68 van genoemde *Album* word van Huet gesê:

> Hy was verbasend emosioneel en het altyd tot uiterstes verval. In sy studentejare was hy uiters losbandig . . . . Daarna was hy weer ultra vroom en ortodoks, waarop hy weer ontdek het dat hy nog nooit bekeerd was nie; toe was hy weer metodis, en daarop weer perfeksionis, en later weer spiritis. . . .

Dit is nou die man wat as bron figureer wat sendingmanne vandag aanhaal om te bepaal wat sending is, naamlik aftakeling van apartheid.

Die tweede voorbeeld is ewe verstommend. Prof Bosch sê op bladsy 146: 'Die enigste antwoord hierop (die verskillende kerke en gemeentes van die NG Kerkfamilie) is een gemeente/kerk. Sodoende word mense wat huidiglik vervreemd en onbewus is van mekaar van aangesig tot aangesig met mekaar gekonfronteer. In die verband kan na die Anglikaanse Kerk verwys word as 'n goeie voorbeeld'. Kyk ons na die Anglikaanse Kerk vandag, hoor ons al meer van ontevredenheid – juis oor hierdie saak! Hoeveel blankes het nie en is nie om hierdie rede besig om hulle lidmaatskap op te sê nie?

Die taal- en tegniese versorging laat, net soos die teologie, ook veel te wense oor. Enkele voorbeelde wat met honderde vermeerder kan word, sal voldoende wees: terwille van in plaas van ter wille van (bl 3, 159), ongemende in plaas van ongemengde (bl 4), Ras, vol en nasie in plaas van . . . volk . . ., dakbaarheid in plaas van dankbaarheid (bl 8); omruiling en verkeerde gebruik van hoofletters en kleinletters wemel, byvoorbeeld: Sinodale maar bybels en christelik (bl 13), finansieël in plaas van finansieel (bl 7, 18), weereens in plaas van weer eens (bl 26, 120), prinsipieël in plaas van prinsipieel (bl 33), sosio-£ekonomiese (bl 59), offisieël in plaas van offisieel (bl 66, 68), soss in plaas van soos (bl 79), was in plaas van wat (bl 79), anderkant in plaas van ander kant (bl 94), erbeidskragte in plaas van arbeidskragte (bl 96) appélerende in plaas van appellerende (bl 97), debateer in plaas van debatteer (bl 105), Asia in plaas van Asië(bl 112), Malaatses in plaas van melaatses (bl 114), by voorbeeld in plaas van byvoorbeeld (bl 118), heeltemaal in plaas van heeltemal (bl 119), onderskie in plaas van onderskei (bl 122), die in plaas van dit (bl 129), Bavinch in plaas van Bavinck (bl 130), definëring in plaas van definiëring (bl 134), missioly (bl 137), dingnity in plaas van dignity (bl 138), togerher in plaas van together (bl 139) to in plaas van tog (bl 148), onmiddelik in plaas van onmiddellik (bl 158). Bladsye 92 en 93 loop deur mekaar. Hoofstukke 2.4.2 volg op 2.4.3!

So is baie van hierdie boek 'n jammerte!

---

**Van der Waal, C 1985 – Die wêreld is ons woning: Christelike kultuurtaak**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 47 bladsye. Prys 5,60

**Resensent: Prof HG vd Westhuizen**

Die titel van hierdie werkie weerspreek eintlik Totius se gedig wat begin met: Die wêreld is ons woning nie. Die skrywer wat in 1980 oorlede is, was 'n vrugbare skrywer en verwys in die aangehaalde literatuur van hierdie werkie na onder andere 'n dosyn van sy eie werke. Dit is 'n aanduiding dat hoewel hierdie publikasie maar klein is, 'n verwerking van sy toespraak in Maart 1980 voor die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys te Bloemfontein, dit tog 'n onderwerp raak waaroor hy reeds baie besin en geskryf het.

Daarby is dit inderdaad 'n aktuele onderwerp wat die Christen se verhouding tot die wêreld en daarmee tot die kultuur, die ekonomie, die politiek, die onderwys en so meer raak.

Ongelukkig is die skrywer op baie punte in hierdie werkie nie oortuigend nie. Dit wyt ek hoofsaaklik aan die feit dat hy vanweë beperktheid dinge baie kripties moes stel.

In hoofsaak kom sy argument daarop neer dat dit nie die Bybel is nie, maar platoniese, gnostiese en piëtistiese denke wat die Bybel laat sê: die wêreld is ons woning nie. Buiten sy kritiek op J Bunyan, Totius, op Totius se gedig en Psalmberyming (bv Ps 118: 9; 119: 17, 19), E Käsemann, Gesang 283, 290 en andere, toon hy positief aan dat dié gedagte vreemd is aan die Bybel!

Eerstens bespreek hy tekste wat dan sogenaamd ons vreemdelingskap in die wêreld, oftewel die pelgrimsgedagte sou leer: Hebreërs 11: 9, 13; 13: 14; 1 Petrus 2: 11; Kolossense 3: 1, 2; Johannes 18: 36; die woestyn-motief (bv in Op 12); die Babilon-motief (bv in Op 18); eskatologiese motiewe (bv in verband met die Antichris) en die tyd-ewigheid skema.

Hierna word die Christen se roeping, beroep en arbeid in die wêreld binne verbondsverband bespreek.

Verder word sekere praktiese konsekwensies veral uitgaande van Matteus 28: 18—20 getrek. Hier lewer hy onder andere felle kritiek teen sommige preke en predikante: '. . . Juis deurdat die hoorders met slap kos genoeë neem, gaan sake skeef en word die predik-amp 'n "job". "Is djy 'n profiet/djy met jou aeroplanemotorkar?"'

Die skrywer bied agterin redelik uitgebreide aantekeninge by verwysings asook 'n lys van verklarings van vreemde terme. Laasgenoemde is vir die gewone leser handig omdat die skrywer se Hollanderaard dikwels in sy skryfstyl geopenbaar word.

Vanweë die aktualiteit van die onderwerp behoort elke teoloog die boekie te lees.

**Van Eeden, IJ & Smuts, M 1986 – Kerkspieël II**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 248 bladsye. Prys R10,50

**Resensent: Dr MJ du P Beukes**

Die inhoud van Kerkspieël II is die wetenskaplike verwerking van data wat verkry is uit die werke wat prof IJ van Eeden van die Departement Sosiologie van Unisa aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk voorgelê het. Hierdie drie verslae bevat die resultate van 'n ondersoek wat in 1985 in 1 050 gemeentes gedoen is. Hierdie gemeentes verteenwoordig ongeveer 36 000 wyke met naastenby 490 000 besoekpunte – dit is 84% van die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Die opsteller van die verslag het nie alleen die data van die 1985-sensus verwerk nie, hy het ook telkens vergelykende syfers met vroeëre sensus-opnames na vore gebring en vergelyk. Interessante vergelykende materiaal ten opsigte van verskillende ringe, verskillende ouderdomsgroepe en verskillende beroepe is in die verslag ingewerk. Die volgende aspekte is ondersoek, beskryf en gekommentarieer: 'n globale oorsig van kerklike getalle, gemeente en erediens, ampsbediening: leraars, ampsbediening: ouderlinge en diakens, die vrou in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die jeug, kerkvervreemding en buitekerklikheid en die diens van barmhartigheid.

Naas die verslagmateriaal van prof Van Eeden het die redakteur, ds M Smuts, ook teologies-kerklike kommentaar by relevante sake geskryf wat in vetdruk in die publikasie weergegee word. Met hierdie kommentaar slaag die redakteur daarin om die besondere betekenis van elke afdeling se resultate uit te lig en in te bring in die kerklike milieu met die oog op kennisname en moontlike verdere navorsing.

Die skrywers slaag daarin om op 'n baie sinvolle wyse 'n deeglike situasie-ontleding te doen van bepaalde patrone in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hierdie data is besonder bruikbaar met die oog op die toekomstige bediening van die kerk. Die kerk se verkondiging het, deur die werking van die Heilige Gees, bepaalde resultate in die gemeente tot gevolg. 'n Bepaalde bedieningspatroon lei tot bepaalde resultate in die gemeente – sommige waarneembaar en meetbaar, ander egter nie. Hierdie meetbare sê ook telkens iets van die nie-meetbare. Met die resultate van die huidige bedieningspatrone kan die kerk in die toekoms besluite neem wat rekening hou nie alleen met die eise van die Woord nie, maar ook met die konkrete situasie. Met die data wat verkry is, kan bepaal word of 'n bepaalde bedieningswyse gehandhaaf, gewy-

sig of geheel en al vervang moet word. Om sy verhewe doel met sy verkondiging te bereik, sal die kerk al hoe meer moet let op die mens en sy lewensverbande. 'n Situasie-ontleding soos dié van Van Eeden en Smuts sal in toenemende mate bruikbare materiaal word vir die bepaling van die kerk se werkwyse.

Met beide Woord en situasie in die oog sal die kerk die pad in die toekoms moet inloop.

Die laaste woord oor die bepaalde temas is nie gespreek deur die skrywers nie. In baie gevalle, soos hulle self sê, is die belangrikste temas net geïdentifiseer met die oog op verdere navorsing.

Met die inwin van data met die oog op die daarstelling van 'n bepaalde strategie vir die kerk sal dit altyd ook nodig wees om te vra na die ervaring wat lidmate self het met betrekking tot 'n bepaalde bedieningsvorm. Daar sal byvoorbeeld aan die lidmaat self gevra moet word: Hoe beleef jy die erediens? Hoe beleef jy die huisbesoek, die kategese ensovoorts? Hierdie verdere uitbouing sou die ondersoek en die publikasie se besondere waarde nog verder verhoog het.

Aangesien die patroon van bediening van die drie susterkerke in 'n groot mate ooreenstem, sal hierdie publikasie vir die ander twee susterkerke ook van besondere waarde wees. Die minste wat gedoen kan word, is om kennis te neem van die besondere probleme wat uitgelig is deur die skrywers met die oog op verdere navorsing.

1. Daar is ongeveer 345 000 mense in Suid-Afrika wat volgens die Staat se statistieke lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is, waarvan die kerk nie bewus is nie. Hierdie toestand het sedert 1981 met ongeveer 45 000 vererger. Waaraan is dit toe te skryf en watter implikasies het dit vir die kerk (hfst 1, par 1.1.1)?
2. Die verslag bevind dat die egskeidingsyfer vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk (4,17 per 1 000) aansienlik hoër is as vir die Blankes vir die Republiek van Suid-Afrika tydens 1984 (3,65 per 1 000). Alhoewel heelwat literatuur rondom egskeidings beskikbaar is, is daar 'n dringende noodsaaklikheid aan deeglike navorsing binne die milieu van die Nederduitse Gereformeerde Kerk om die verskynsel te verklaar (hfst 1, par 1.5.1).
3. Daar kan verwag word dat ekonomiese faktore waarskynlik sal veroorsaak dat daar in die nabye toekoms 'n drastiese toename in die persentasie woonstelbewoners binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk gaan kom. Die verslag bevind dat tans slegs 6,4% van alle Nederduitse Gereformeerde lidmate in woonstelle woon. Die waarskynlikheid van 'n drastiese toename, wat nuwe uitdagings vir

die kerk gaan bied, vereis dat deeglike ondersoek gedoen moet word na die eiesoortige vereistes wat woonstelgemeentes aan die kerk se bediening stel (hfst 1, par 1.6; kyk ook hfst 4, par 4.4.7).

4. Dit wil voorkom asof die kerk in 'n groter mate daarin slaag om persone uit die hoër sosio-ekonomiese strata te bedien (hoë witkraag) as diegene uit die lae witkraag-beroepe. Waaraan is dit toe te skryf en wat is die implikasies daarvan vir die bediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (hfst 1, par 1.8)?
5. Dit is duidelik dat daar 'n groeiende tendens is om eerder **medeleraars** te beroep as om tot afstigting van nuwe gemeentes oor te gaan. Deeglike navorsing is nodig ten opsigte van oorwegings wat op die spel kom in die beslissing rondom die afstigting van nuwe gemeentes en/of die skep van poste vir mede-leraars (hfst 1, par 1.10.3; kyk ook hfst 3, par 3.3.3).
6. Die verslag bevind dat verskeie faktore in gemeentes negatiewe tendense vertoon namate **die grootte van 'n** gemeente toeneem. Verdere navorsing is nodig om die betekenis van hierdie faktore meer akkuraat te bepaal. Dit is veral belangrik om vas te stel of hierdie faktore oorsake is vir die feit dat gemeentes toegelaat word om al groter te word en of dit gevolge is van die feit dat gemeentes te groot is (hfst 2, par 2.1.1; kyk ook hfst 4, par 4.3.1).
7. In die verslag word bevind dat die ontwikkeling in die kerk tans wegbeweeg van eenmansgemeentes en dat al meer gemeentes twee en meer predikante in diens het. Dit is dringend noodsaaklik dat deeglike navorsing gedoen word oor die implikasies van hierdie tendens. Is dit op die lang duur vir die kerk voordelig of nie (hfst 2, par 2.2.1)?
8. Die opname van 1985 toon dat 'n aansienlike verligting in die **lading lidmate** per **predikant** sedert 1981 plaasgevind het. Ten spyte daarvan is daar nog meer as 40% van die predikante in die kerk wat 'n lading van meer as 800 lidmate moet bedien. Dit is dringend nodig dat 'n wetenskaplike bepaling gemaak word van faktore wat 'n rol speel in die bepaling van die optimale lading lidmate wat 'n predikant effektief kan bedien. Hierdie saak is van kritieke belang in die besinning rondom die behoefte aan predikante in die toekoms, medeleraarskappe, afstigting, ensovoorts. (hfst 2, par 2.2.2).
9. Die stand van **erediensbywoning** binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk is kommerwekkend. Dit geld veral ten opsigte van aanddienste. Naas teologiese besinning oor die wese en inkleding

van die erediens, is empiriese navorsing nodig om die faktore wat erediensbywoning bepaal, te identifiseer en die implikasies daarvan vir die kerk uit te spel (hfst 2, par 2.4.1).

10. In die verslag word bevind dat, namate die beroepskategorie en onderwyspeil van lidmate styg, hulle erediensbywoning toeneem. Dit is noodsaaklik dat die kerk verklarings vir hierdie verskynsel vind en die implikasies vir die inkleding van die erediens en die prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk identifiseer (hfst 2, par 2.4.3).
11. Die verslag bevind dat lidmate in die ouderdomsgroep 20–39 'n beduidend laer erediensbywoningspeil toon as dié wat jonger en ouer as hierdie groep is. Dit is belangrik dat die kerk die faktore wat hierin 'n rol speel, moet begryp en oplossings daarvoor moet vind (hfst 2, par 2.4.2).
12. Die verslag bevind dat 16,8% van die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk blykbaar normaalweg nie meer eredienste bywoon nie. Die kerk sal 'n werkwyse moet vind waarvolgens 'n doelbewuste pad van vermaning en tug met hierdie mense geloop moet word (hfst 2, par 2.4.5).
13. Dit is duidelik dat die lading lidmate waarvoor 'n predikant verantwoordelik is, 'n invloed het op die vrug van sy bediening in die gemeente. Verskeie sulke verbande is in die verslag aangetoon. Die presiese aard daarvan moet egter verder ondersoek word (hfst 3, par 3.2.3).
14. Dit wil voorkom asof die moontlikheid dat 'n predikant 'n fase van ongelukkigheid met sy bediening kan deurgaan; die grootste is tussen sy 5de en 11de jaar in die bediening. Hierdie moontlikheid verdien deeglike ondersoek en verklaring (hfst 3, par 3.4.2).
15. Die feit dat 40,6% van alle volwasse vroue in die Nederduitse Gereformeerde Kerk voltyds werk en 7,8% deeltydse werk doen, het belangrike implikasies vir die huwelikslewe, gesinslewe en verwagtinge wat die kerk aan hierdie gesinne stel. Waarskynlik is daar ook eiesoortige behoeftes in hierdie huise wat deur die kerk geïdentifiseer moet word met die oog op 'n effektiewe bediening (hfst 5, par 5.2.1).
16. Die verslag bevind dat 8,3 van elke 100 babas wat in 1984 in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gebore is, die kinders is van vrouens wat nooit getroud is nie. Hierdie syfer behoort deur verdere navorsing gekontroleer te word. Indien dit bevestig word, het dit ernstige etiese implikasies waaraan die kerk aandag sal moet

gee. Dit het ook implikasies vir die kerk se barmhartigheidsdiens ten opsigte van die onderskraging en versorging van enkelouergesinne (hfst 5, par 5.2.3).

Die publikasie is taalkundig goed versorg. Dit is goeie waarde vir die prys. Die klein druk veroorsaak egter dat dit nie maklik lees nie.

---

**Froise, M (ed) 1986 – South African Christian Handbook 1986/87**

Florida, South Africa: World Vision of Southern Africa. 248 bladsye. Prys R10,50

**Resensent: Ds JC de Lange**

Die waarde van hierdie publikasie lê veral in die volgende twee sake:

1. Die publikasie gee 'n oorsig oor die totale aktiwiteite van die Christendom in Suid-Afrika. Dit word gedoen deur die behandeling van aktiwiteite van die verskillende kerke onder hoofde soos kerkgenootskappe; sendingverenigings; teologiese opleidingsinrigtings; boekwinkels; uitgewers; drukkerslektuur; tydskrifte; tehuise vir ongehude moeders; rehabilitasiesentra; jeug- en studente-organisasies; kampterreine; navorsingsentra ensovoorts.
   Inligting oor hierdie aktiwiteite word aangebied onder die hoofde: naam, adres, kontakpersoon en, waar van toepassing, ook werkterrein en inligting.
   'n Alfabetiese indeks vergemaklik verder die naslaan van enige inligting wat verlang word.
2. Die publikasie verskaf statistiese gegewens van verskillende kerke vir die jare 1960, 1970 en 1980 onder die hoofde Blankes, Kleurlinge, Asiërs, Swartes. Die persentasie van die verskillende groepe word ook gegee. Hieruit kan elke kerk, statisties gesproke, sy eie situasie in die geheel aflees en sy groei of agteruitgang opmerk.
   Hierdie statistiek beklemtoon ook die sendingtaak van die kerk as in aanmerking geneem word dat 17,7% of 4 428 000 lede van die bevolking kerklik ongebonde is.

Die skrywer gee toe dat in so 'n publikasie onakkuraathede kan voorkom en verwelkom dit dat foute en weglatings onder sy aandag

gebring word. Mnr L de Munnik, die administrateur, het reeds wat die Nederduitsch Hervormde Kerk betref, 'n reeks foute en weglatings uitgewys en onder aandag van die uitgewer gebring. Die volgende foute val veral op:

- Die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika word nie as afsonderlike kerk aangedui nie en die gegewens oor die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika lyk, wat lidmaattal betref, nie betroubaar nie.
- Mnr De Munnik word as administrateur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangegee.
- By die Gereformeerde Kerk verskyn die Nederduitsch Hervormde Kerk se lidmaattal.
- Die Hervormde Teologiese Opleiding te Klipdrif, Die Ondersteuningsraad en Kital se gegewens word nie verstrek nie.
- Die Hervormer se adres word foutief verstrek.

Om hierdie foute en weglatings in moontlike toekomstige publikasies te voorkom, is die uitgewer versoek om alle inligting ten opsigte van die Nederduitsch Hervormde Kerk by die Administrateur te bekom.

---

**Van der Walt, IJ 1986 – Die Evangelie aan afgedwaaldes (Handleiding vir Evangelisasie)**

Potchefstroom: Universum. 377 bladsye. Prys R24,00

**Resensent:** Dr AJG Dreyer

In elf hoofstukke gee prof Van der Walt indringende aandag aan talle verskillende fasette van hierdie belangrike arbeidsveld. In die verlede het evangelisasie eintlik maar op die rand van die kerklike denke en arbeid gestaan. In ons eie land is daaraan maar langtand aandag gegee en soms is dit verdag gemaak deur allerlei etikette waarmee diegene wat wel hieraan aandag gegee het, min of meer afgeskryf is. Gelukkig het daar 'n geleidelike verandering in hierdie gesindheid gekom en is in heelwat kerke die eerste verkenningstogte onderneem in die teologiese besinning en in die praktyk.

In die eerste hoofstuk word 'n kort oorsig gegee oor die aanslae op die kerk, die resultate daarvan en die geleidelike nadenke van die kerk oor die arbeidsveld wat so uit eie midde en in eie omgewing ontstaan het,

sowel as die verskillende maniere waarop hierdie werk aangepak is. Hy gee ook hier sy eie terreinbepaling.

In die tweede hoofstuk word aandag gegee aan die Bybelse en teologiese grondslae van evangelisasie en die verskillende vertrekpunte wat gebruik word deur 'n aantal teoloë en kerke. Hier word ook duidelik gemaak dat hierdie grondslae ook die inhoud van die evangelisasieboodskap moet wees. Die kritiek op bladsy 27 is 'n bietjie eensydig wanneer die illustrasietegniek om van 'n aantal sondes per dag te praat, afgewys word asof dit die volle sondeleer self is.

In die derde hoofstuk handel hy oor evangelisasie as opdrag van Christus aan die kerk. In dié gedeelte gee hy ook aandag aan die aanvanklike weerstand wat daarteen bestaan het en soms nog bestaan. Die vreemdsoortige argumente waarmee in die reformatoriese kerke die opdrag van die lyf gehou is, word ontmasker. Bybelse motiewe vir die evangelisasietaak word belig. So ook die uiteindelike doel van die opdrag van Christus aan die gelowiges. Heel tereg stel hy dat die doel nie is om siele te red of om die kerk te laat groei nie, maar dat dit in die eerste plek gaan om die eer van God.

Wanneer hy praat oor evangelisasie as die werk van die kerk, waarsku hy teen die vashou aan uitgediende metodes, wys hy op verstarring wat meebring dat die kerk nie die lewende dinamiese geloofsgemeenskap is wat dit moet wees nie.

Hy wys ook op die gevaar in die kerk wanneer die aansien van die kerk gemeet word in terme van geld en geboue sodat die kerkrade baie tyd aan finansies (en, mag ons byvoeg, te veel aan administrasie) bestee en te min tyd en geld aan evangelisasie. Hy wys op die gevaar dat die kerk formeel die taak kan aanpak, maar nie werklik daarby betrokke mag wees nie, sodat die kerk soos 'n geoliede masjien werk, maar nie die huisvesting bied waar die warmte van die liefde van Christus beleef word nie. Daarom is dit noodsaaklik dat die plaaslike gemeente ook 'n lewende, dinamiese gemeenskap moet wees waar die Heilige Gees die gemeente herskep.

Hy kyk na die Nuwe-Testamentiese model en beaam dat die gemeente verantwoordelik is vir die taak en dat dit spontaan deur die hele gemeenskap van gelowiges gedoen moet word. Om dit effektiewelik in ons tyd te doen, moet die kerk die mens wat hy wil bereik, ken en verstaan en opnuut die kerk toerus om dit te kan doen. Hy moet ook die verskillende gestaltes van die Woord benut om die mens te bereik. Met waardering, maar ook met versigtige distansiëring neem hy kennis van die *Church Growth* van MacGavran en andere.

In die terreinverkenning maak hy 'n vinnige maar insiggewende toer deur al die verskillende strominge wat tans die wêreldmens se denke en lewenspatroon beïnvloed. Hy kyk ook na die invloede wat die kerk ondergaan het en wat soms oorsaak is van verlamming in die kerk se gehoorsaamheid. Hy stel dat die moderne liberale teologie wat die waarhede omtrent Christus en die Skrif betwyfel, die suurdeeg uit die evangelie haal. Dit ontbeen inderdaad in baie gevalle die evangelie en misvorm dit tot 'n wanskapige gestalte.

Die letsels wat deur die strominge van verskillende aard op die mensdom gelaat is en die mens se reaksie daarop word ook in oënskou geneem as verkenning van die mens aan wie die kerk die boodskap van verlossing moet bring. Hy belig dit met gegewens uit 'n aantal lande wat die skrikwekkende verval van die 'Christelike' wêreld en die dringendheid van diepgaande evangelisasiewerk beklemtoon.

Insiggewend neem hy al die probleme in verband met die verstedelikingsproses onder oë. Hy kyk na die Bybel se siening van die stad as 'n plek van hoop. Uit die gekompliseerdheid van die stad en die sosio-ekonomiese probleme wat eie is aan alle wêreldstede, word dit duidelik dat 'n nuwe bedieningspatroon noodsaaklik is. Dit beteken nie dat die parogiale struktuur moet verdwyn nie; inteendeel, dit het in die stad ontstaan en kan as sodanig gehandhaaf word. Die probleemmens en probleemsituasies sal net met groter spesialisasie aangepak moet word. Die eintlike gebrek is dat die kerke te veel na binne gerig is en nie werklik enige bewoënheid met die mens buite die kerk het nie.

Die kleingroep as evangelisasiemetode word indringend bekyk; verskillende soorte groepe sowel as die doel, funksie en gevare daarvan word bespreek. Die kerk mag nie wegskram van sekere metodes omdat daar gevare aan verbonde is nie; hulle moet met oop-oë gebruik word onder die toesig en opsig van die kerkraad. Alle groepe moet steeds meelewend in die gemeente wees. Van der Walt noem die kleingroep die ontdekking van ons tyd. Hierdie 'ontdekking' was eintlik nog altyd in ons kerke teenwoordig, maar is nooit behoorlik benut nie. Die kleingroep is in embrio in die wyke wat onder toesig en leiding van ouderling en diaken die verskillende gestaltes van die evangelie tot sy reg kan laat kom.

Die laaste vier hoofstukke handel oor evangelisasiegesprek. Die wese, die doel, die elemente in die gesprek en die verloop daarvan word onder andere breedvoerig bespreek. Enkele modelle in Amerika en Europa word krities beoordeel en daarna word 'n ontwerp aangebied vir die Gereformeerde evangelisasieprojek.

Met instemming onderskryf ek sy opmerking dat 'n evangelisasiegerigte gemeente nie 'n alternatief is vir 'n na-binne-opbou-gemeente nie. 'Die evangelisasie-atmosfeer sluit aan by die bestaande gees en rigting van die gemeente en verinnig, verdiep en verbreed dit juis.' Die een kan die ander nie uitsluit nie, want albei is wesenlik deel van die lewende kerk. Sy voorstelle vir die analise van gemeente en omgewing kan net elke gemeente wat hierdie taak sy erns maak, ten goede kom en so ook sy slotopmerkings dat evangelisasie nie sonder deurlopende gebed gedoen kan word nie.

Hierdie boek is 'n noodsaaklikheid vir elke gemeente en predikant wat werklik hierdie opdrag van die Heer van die kerk wil uitleef. In sy breë opset behoort dit ook op die rak van elke teologiese student ter oriëntering op hierdie terrein. Die drukfoute is gelukkig nie ernstig van aard nie en kom slegs enkele kere voor.

---

**Van der Walt, BJ 1987 – Bybelse verrassings oor die vrou**

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. 39 bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Dr LC Bezuidenhout**

Professor Van der Walt slaag met hierdie publikasie daarin om 'n saak waarin groot teologiese knelpunte verborge is, met behendigheid aan sowel die teoloog as die gewone lidmaat duidelik te maak. Hy bied oorspronklike alternatiewe vir tradisionele interpretasiemoontlikhede. Dit word met so 'n gemaklike skryfstyl en soveel pittige opmerkings aan die leser oorgedra, dat dit vir lesers oor die hele spektrum van teologiese bedrewenheid 'n plesier sal wees om te lees.

Die titel van die boek impliseer dat daar van die tradisionele standpunte afgewyk sal word. Aan hierdie verwagting word voldoen. Hy wys daarop dat daar nie op grond van Bybelse uitsprake 'n ondergeskikte posisie aan die vrou toegeken kan word nie. Tradisionele interpretasies van Skrifgedeeltes word weerspreek – ja, selfs die Huweliksformulier en Calvyn word nie oorgesien nie. In die meeste gevalle is sy standpunte op geldige eksegese gegrond.

Die skrywer kyk na verskillende Bybelse uitsprake oor die posisie van die vrou teenoor die man. Die breë kategorieë wat ter sprake kom,

is die tyd voor die sondeval, die sondeval, die res van die Ou Testament, Judaïsme en die Grieks-Romeinse wêreld, die Evangelies en laastens Handelinge en die briewe. Dit wil voorkom asof die vrou voor die sondeval in 'n gelyke posisie teenoor die man gestaan het. As gevolg van die sondeval word sy as die man se ondergeskikte beskou. In Jesus vind 'n bevryding plaas waarin die vrou weer haar oorspronklike posisie terugkry.

Die skrywer wys tereg daarop dat daar nie vanuit die feit dat die vrou tweede geskape is, afgelei kan word dat sy minderwaardig is nie. Klem word gelê op die feit dat die mens as man en vrou na die beeld van God geskape is en dus as man en vrou God se verteenwoordiger op die aarde is.

Alhoewel die skrywer die strekking van gedeeltes reg opsom, word daar soms gegewens gegee wat nie heeltemal korrek is nie en ook nie werklik relevant is nie. So maak hy die volgende stelling:

> Die twee woorde wat hier gebruik word (*zaakaar* en *nequeebah*), is dan ook woorde waarvan die grondbetekenis verband hou met die vorm van die geslagsorgane! (bl 4).

Afgesien van die vreemde transkripsie van *n^eqēbā*, is die stelling baie aanvegbaar. In die taalkunde word die herleiding van 'n woord na sy sogenaamde 'grondbetekenis' boonop nie meer as 'n geldige metode beskou nie.

'n Soortgelyke fout blyk uit die volgende stelling:

> Daar is die woord 'vrou' (*ishah*) gevorm deur die toevoeging van die vroulike uitgang by die woord 'mens' (*ish*) (bl 6).

Alhoewel die woorde baie dieselfde klink en bostaande transkripsie die ooreenkoms nog duideliker maak as in die Hebreeuse skrif, is daar in werklikheid twee verskillende stamme ter sprake. Die woord *iššā* is nie net die vroulike uitgang aan die woord *īš* nie.

Hierdie tipe argumente is nie nodig nie. Die skrywer gee genoeg gronde vir sy standpunt.

Alhoewel die vrou ná die sondeval 'n minderwaardige posisie beklee, word dit as feit gegee en nie as norm nie. Dit is 'n netjiese onderskeiding. Die skrywer wys op die Bybelse wette en gebruike waarin daar teen 'n vrou gediskrimineer word. Hy sê ook tereg dat dit nie God se bedoeling was nie. Tog wys hy daarop dat die vrou dikwels in die Ou en Nuwe Testament leiding neem in algemene en religieuse sake.

As gevolg van die verskille in Skrifbeskouing, kan daar kritiek teen

sommige standpunte ingebring word. Die skrywer verwys byvoorbeeld na die optrede van die slang in die tuin asof dit die duiwel self is (bl 9). Hy aanvaar ook die fundamentalistiese interpretasie van Genesis 3: 15 (bl 11), naamlik dat hier direk na Christus verwys word. Indien hy 'n groter plek aan die invloed van kontemporêre sosiale gebruike sou toesê, sou dit makliker wees om uitsprake in die Ou en Nuwe Testament wat vir ons na diskriminasie teen die vrou klink, te verklaar.

'n Deeglike uiteensetting word gegee van die plek van die vrou soos dit in die Nuwe Testament voorkom. Die skrywer gee 'n interpretasie van die Skrifgedeeltes wat lig werp op hierdie saak. In die lig van die maatstawwe wat Christus stel aan een wat leiding gee, word tot die slotsom geraak dat die man se posisie teenoor die vrou eerder 'n verantwoordelikheidsposisie as 'n gesagsposisie is. Die verhouding tussen man en vrou is een van wedersydse onderdanigheid.

Die publikasie oortuig die leser dat die vrou nie verdoem is tot 'n minderwaardige posisie nie. Die standpunte getuig van insig en oorspronklikheid.

---

**Van der Walt, T 1986 – Bible studies on the kingdom of God (Series F: Institute for reformational studies) F2: Brochures** Number 36

Potchefstroom: Institute for reformational studies. 31 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Ds APJ Beukes**

Hierdie boekie is 'n reeks Bybelstudies wat deur die skrywer hanteer is tydens 'n Sendingkonferensie van 7–11 Augustus 1972. Dit was 'n konferensie wat die sitting van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Sydney, Australië voorafgegaan het.

Die tema van al die Bybelstudie-gedeeltes is, soos die titel van die boekie aandui, die Koninkryk van God. Die feit dat dit Bybelstudies is wat tydens 'n Sendingkonferensie hanteer is, plaas dit onmiddellik binne 'n missionêre konteks. Die Koninkryk van God en die Sending is die uitgangspunt van die skrywer. In vier hoofstukkies hanteer die skrywer die volgende aspekte: Die Goue Draad, Israel en die moderne mens, Woord en Daad, en Die vervulling van die Koninkryk.

Die skrywer wys daarop dat daar in die Bybel self geen duidelike

definisie is van wat die Koninkryk van God beteken nie. Dit blyk egter dat die Bybel impliseer dat dit in die eerste plek om God se Koningskap gaan, dat Hy die Een is wat regeer en dat dit nie soseer om sy konings-ryk gaan nie. In die tweede plek gaan dit om die mense oor wie Hy Koning is en in die derde plek oor die vrugte van sy Koning-wees, naamlik vrede, geregtigheid, heiligheid, vreugde, verheerliking.

Hierdie is 'n bruikbare boekie om die gesprek rondom die tema 'Die Koninkryk van God' aan die gang te sit. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hierdie vanweë genoemde faktore 'n kriptiese hantering van die onderwerp is en dat van die aspekte wat wel hanteer word, in sommige gevalle redelik oorvereenvoudig word. Hier dink mens veral aan twee sake, naamlik aan die stelling dat die Koninkryk van God soos 'n goue draad regdeur die Bybel geweef is en aan die antwoord op die vraag wat hiermee saamhang: Hoekom moet die Koninkryk van God nog vervul word as God reeds Koning is en ewige Koning bly? Alhoewel die Koninkryk van God 'n sentrale tema van die Bybel is, is dit geforseerd om dit soos 'n goue draad regdeur die Bybel te sien loop. Net so is dit 'n oorvereenvoudiging van die probleem om die uitbly van die vervulling van die Koninkryk te verklaar aan die hand van die stryd tussen God en Satan en die mense en Satan.

Aan die positiewe kant kom hier 'n paar pragtige perspektiewe na vore soos byvoorbeeld dat die Kerk en die Koninkryk se grense nie saamval nie (bl 10) en dat die Koninkryk van God nie alles toekoms is nie, maar ook 'n realiteit van hier en nou (bl 28).

Die boekie word aanbeveel vir elkeen wat iets korts wil lees rakende die Koninkryk van God. Dit is geen Bybelstudie in die gewone sin van die woord waar daar telkens 'n reeks vrae geformuleer is vir groepbespreking nie. Dit is kort voordragte wat maklik lees en wat dit daarom 'n nuttige stukkie werk maak.

---

**Floor, L 1986 – 'n Lamp vir almal in die huis: Christelike leefreëls vir huwelik, gesin en samelewing**

Pretoria: NG Kerkboekhandel. 80 bladsye. Prys R14,99

**Resensent:** Ds JC van der Merwe

Die volgende paragraaf in die voorwoord is 'n kort samevatting van die strekking van die boekie.

> Al gaan dit in die Bybel in die eerste plek om die mens in sy verhouding tot God, gee die Woord van God ons tog ook duidelik leiding by die vrae en probleme van elke dag. Dit kom besonder duidelik aan die lig in die sogenaamde huistafels. In 'n gesprek oor die etiese, maatskaplike en sosiale relevansie van die Evangelie, het prof WH Velema my gewys op die besondere plek van die huistafels in die Nuwe Testament. Hy het my aangemoedig om 'n studie oor die plek en die betekenis van die huistafels in die Nuwe Testament aan te pak.

Dit is kortliks waaroor die boekie gaan. 'Huistafels' is die woord waarmee die gedeelte in die Nuwe Testament aangedui word waar ons die verskillende voorskrifte vir vrouens, kinders en slawe vind. Die woord kom uit die Duitse taalgebied en het niks te make met etenstafel nie. M Luther het die laaste deel van sy sogenaamde 'klein Kategismus' gewy aan verskillende lesse vir ouers en kinders onder die opskrif 'Haustafel'. 'Aangesien die verskillende etiese voorskrifte in die Nuwe Testament ook betrekking het op die huisgesin, is aan hierdie leerreëls die naam huistafels gegee.'

Op onderhoudende wyse gee die skrywer 'n inleiding ten opsigte van die problematiek oor die herkoms en plek van die huistafels. Sy begronding van die plek van die huistafels in die Nuwe Testament vind hy in die feit dat die huistafels in die geheel van die Nuwe Testament 'n gedeelte van die paranese met 'n aparte karakter en eie bepaalde skema vorm. 'Hoewel die huistafels 'n eie, aparte karakter en struktuur vertoon, mag hulle tog nie van die geheel van die Nuwe Testamentiese vermaninge losgemaak word nie. Die huistafels in die Nuwe Testament staan, soos alle gebooie en voorskrifte van etiese aard, in die openbaringshistoriese aard.'

Die imperatiewe in die Nuwe Testament in die algemeen en die imperatiewe in die huistafels in die besonder het volgens Floor hulle eie regmatige en ook noodsaaklike plek in die spanning tussen die *eskaton* wat gerealiseer is en gerealiseer word. Verder is die imperatiewe van die huistafels almal begrond in die groot heilsindikatief van die sterwe en die opstanding van Jesus Christus. Hiervan kan en mag hulle nie afgesny word nie. En hierin lê ook die groot verskil, by alle ooreenkomste wat daar ook mag wees, tussen die huistafels in die Nuwe Testament en die huisreëls wat ons vind in die Joods-hellenistiese kultuur.

Oor die plek van die huistafels in die paranese van die Nuwe

Testament wys die skrywer daarop dat huistafels gerig is op bepaalde groepe in die gemeente. Mense binne 'n bepaalde struktuur word telkens aangespreek. Twee van die strukture is, saam met die skepping, aan die mense gegee: die huwelik en die huisgesin. Die derde struktuur waarbinne mense deur die huistafels aangespreek word, is 'n struktuur wat duidelik die spore van die sonde dra: die slawerny. Eintlik het ons in die struktuur te doen met arbeidsverhoudinge, dus 'n normale sosiale struktuur. Deur die sonde het daar egter in hierdie struktuur 'n ontsettende ontwrigting plaasgevind, sodat die werknemer tot 'n slaaf gedegradeer is en nie regte kon laat geld nie. In die huistafels egter, kom die Woord van God in die vorm van 'n imperatief tot mense in 'n bepaalde situasie. Die gemeente, en so ook die man, vrou, ouer, baas en slaaf, wat tot die gemeente van Christus behoort, moet en kan deur God se genade, volgens die voorbeeld van liefde van Christus leef en handel. In die gestalte van broederliefde en naasteliefde, beïnvloed die liefde van Christus die verskillende verhoudinge in die samelewing, soos dit in die gemeente van die Here Jesus Christus in die apostoliese tyd reeds aan die lig gekom het.

'n Verdere saak wat Floor aansny, is die probleem wat veral in die huistafels aan die orde kom, naamlik die verhouding van die Christelike tot die profane, die vraag hoe die kerk deur sy lidmate die wêreld kan beïnvloed en hoe die verhouding tussen die Christelike en die algemeen-menslike is. Hierdie probleem behandel hy in diepte deur die verskillende huistafels of gedeeltes van huistafels in die Nuwe Testament met mekaar te vergelyk. Sy slotsom is duidelik; dit gaan in die huistafels nie om verandering van bepaalde gesagsverhoudings nie, of oor die sosiale emansipasie van vrouens of kinders nie, ook word slawerny in die huistafels nie opgehef nie; 'die Bybel is nie 'n boek vir maatskappykritiek nie'.

Die huistafels sluit aan by die begrip gehoorsaamheid of onderdanigheid wat in die *oikos* kragtens sy eie, bepaalde struktuur van die mindere teenoor die meerdere verwag is. Maar steeds moet in gedagte gehou word dat dit hier gaan oor Christelike onderworpenheid. Dit gaan oor Christus wat absolute mag uitoefen oor hulle wat in Hom begrepe is en wat in Hom glo en wat Hom liefhet. Daarom het die onderdanigheid wat in die Christelike huistafels van vroue, kinders en slawe teenoor hulle mans, ouers en base gevra word, niks te make met angstige onderworpenheid nie. Die persoonlike geloofsverhouding teenoor God en Jesus Christus is die bepalende faktor van die verhouding waarin mense wat in Hom glo, tot mekaar staan.

In sy slothoofstuk spreek die skrywer enkele gedagtes (konklusies) uit oor die betekenis van die huistafels vir vandag. Hoewel hy bale duidelik stel dat die huistafels nie die gevestigde orde met geweld omver wil werp en deur 'n nuwe orde wil vervang nie, kan dit nie anders nie, maar sal die geloof in die gekruisigde Christus, wat ook Here is, sy vernuwende invloed uitoefen in die huwelik, gesin en samelewing.

Elke predikant en elke lidmaat wat tans in Suid-Afrika leef, behoort hierdie boekie te lees. Miskien is dit 'n bietjie 'hoog' vir die gewone lidmaat en dit is jammer, want wat Floor in hierdie boekie aanbied, kan baie verhoudings ingrypend verander.